

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 17, No. 6

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2017 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Wat is die beste leermeester?

Hoe dikwels het die meeste van ons ander mense hoor sê: "Ondervinding is sonder twyfel die beste leermeester". Is dit werklik só? Ervaring is beslis een manier om te leer en vir baie mense is dit verseker 'n leermeester. Dit is omdat ervaring dikwels pynlik is en ons wil gewoonlik nie iets herhaal wat pynlik is nie. Dit lyk nogtans of sommige mense nooit leer nie! Hulle herhaal steeds dieselfde foute oor en oor. U ken waarskynlik so iemand.

Wat van u? Leer u uit ondervinding of is *u* iemand wat "skynbaar nooit iets leer nie?" Ongeag of u is of nie is nie, die vraag bly: Is ervaring die beste leermeester of is daar 'n beter manier? Indien wel, *wat is dit?*

Daar is baie maniere in hierdie lewe om mens se vingers te brand. U kan 'n fout maak deur 'n slegte belegging, verhouding of 'n onverstandige besluit te neem. Sommige kinders verbrand letterlik hulle vingers wanneer hulle met vuurhoutjies speel, dikwels nadat daar vir hulle gesê is om dit nie te doen nie. Hoeveel tieners of jong volwassenes leer die pynlike les dat drink en bestuur 'n baie slegte kombinasie is? of dat dwelms en sigarette tot langdurige afhanklikheid kan lei in die vorm van pynlike verslawings en gesondheidsprobleme? Ons word almal op een of ander tyd seergemaak, maar is daar 'n manier om ons pyn te beperk? Gelukkig is daar!

Geloof in God is nie so gewild soos dit voorheen was nie. Darwin se evolusieleer het God in die gedagtes van baie mense vervang en indien daar geen God is nie, word elkeen aan homself oorgelaat om reg van verkeerd te onderskei. Besluite bring gevolge wat óf positief óf negatief kan wees. Wat baie mense nie besef nie, is die verband tussen hulle besluite en onsigbare morele wette. Soos Moses beveel het: "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag" (Deuteronomium 30:19).

Indien God se gewildheid afgeneem het, is dit selfs nog meer so met die boek wat Hy geïnspireer het. Terwyl die Bybel nog steeds deur baie mense gesien word as 'n boek wat goeie raad en troos in moeilike tye bevat, dra dit nie meer dieselfde gewig van gesag as wat dit tevore gedra het nie. Die Tien Geboie wat dit bevat word dikwels beskou as die Tien Voorstelle. Daardie gesindheid is ongelukkig waarom baie mense seerkry. Wanneer ons die Geboie verbreek, breek dit ons!

### Kan die Tien Geboie ons leer?

Die meeste van ons in ons Westerse wêreld het van die Tien Geboie gehoor, maar hoeveel

mense weet regtig wat dit sê? Diegene wat wel weet wat dit sê, kies en keur dikwels waarmee hulle saamstem of om dit anders te stel, waarmee hulle *nie* saamstem nie. Ironies genoeg, mense wat die grootste ontkenners is van die noodsaaklikheid om al Tien Gebooe te onderhou, is dikwels diegene wat die meeste lawaai en protesteer wanneer monumente waarop die Tien Gebooe voorkom van openbare gronde verwyder word! Hulle aanvaar waarskynlik die gebooe teen moord, egbreuk en om ouers nie te eer nie. Hulle stem waarskynlik ten minste in beginsel saam dat dit nie goed is om ander gode te aanbid, te steel of te begeer nie. Wat dan van die Sabbatsgebod?

Vanuit 'n ander perspektief gesien, wonder mens wat die doel van die Tien Gebooe is? Watter verband hou dit met ervaring en met die soort leermeester wat ervaring kan wees? Weereens is ervaring dikwels 'n pynlike leermeester. *Is* dit dus die beste een? Dit is maklik om te erken dat slegte finansiële besluite gevolge het. Die verband tussen ervaring en *morele* besluite word egter dikwels oor die hoof gesien.

Dink aan die sewende gebod, "Jy mag nie egbreek nie." Hoeveel mense dink hulle kan hierdie gebod verbreek en nie hulle vingers verbrand nie? Ons wêreld is besaai met gebroke harte, gebroke huise en seer, verwarde kinders, weens die skending van hierdie

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### **Persoonlik – Wat is die beste leermeester?**

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### **Martin Luther losgelaat 3**

Heeltemal bevry van die gesag van pouslike Rome, begin Luther se eie gesag toeneem, net soos wat die politieke mag rondspeel en worstel teen mededingers.

#### **Sondes van rassisme, wetteloosheid en wêreldsgesindheid 14**

Die Verenigde State sien toenemende verwarring vanuit alle hoeke – verwarring wat reeds lank gelede geprofeteer is.

#### **Marijuana of te wel Dagga: Wat hulle u nie vertel nie 18**

Wie vra die regte vrae en kyk na die feite terwyl die debatte oor die wettiging van dagga voortduur?

#### **Dit is Londen wat roep: Die Balfour Deklerasie word 100 jaar oud 21**

### Gereeld

#### **Vrae en Antwoorde 23**

#### **Die Werke van Sy Hande Kan ons 'n nuwe Aarde skep? 24**

Besoek ons webwerf by:  
[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
of vir Engelse literatuur:  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### **Hoofredakteur**

Gerald E. Weston

### **Redaksionele Direkteur**

Richard F. Ames

### **Kuns Redakteur**

John Robinson

### **Besturende Redakteur**

Wallace Smith

### **Streeksredakteurs**

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

### **Besigheidsbestuurder**

Dexter B. Wakefield

### **Streekskantore**

#### **VERENIGDE STATE:**

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### **AUSTRALASIË:**

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### **KANADA:**

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### **NIEU-SEELAND:**

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### **VERENIGDE KONINKRYK:**

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### **SUID-AFRIKA:**

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

## DEEL 5

### Martin Luther losgelaat

*Het die Protestantse Hervormers 'n terugkeer na ware Nuwe-Testamentiese Christelikheid tot gevolg gehad? Was die hervormers deur God se Heilige Gees gelei? Die **waarheid** wat in hierdie reeks bevat word is verbasend*

**Roderick C. Meredith**

Skokkende en ontnugterende waarhede het in hierdie reeks aan die lig gekom. Ons het geleer dat “Christendom” *radikale veranderings* ondergaan het sedert die tyd van Jesus Christus en Sy Apostels.

Uit outentieke geskiedenis het ons gesien dat *heidense* seremonies en tradisies kort ná die dood van die oorspronklike Apostels in die belydende Christelike kerk ingebring is. Ons vind dat *geestelike korrupsie*, *magspolitiek* en *wêreldsgesindheid* oorheers het in die regerende Katolieke kerk gedurende die “Middeleeue”.

In onlangse aflewings is die ware **feite** oor Luther se vroeë lewe en frustrasies, sy *opstand* teen gesag en die noodsaaklikheid van gehoorsaamheid, bespreek. Ons het gesien dat *nasionalisme* en *politiek* die leidende magte in die Lutherse hervorming was. In die laaste uitgawe het ons die skreiende voorvalle bespreek van Luther se skynheilige betrokkenheid in die Duitse Boere-oorlog en sy tierende beroep op die vorste om die boere in die naam van God

“dood te slaan, te verwurg en dood te steek”.

Nou sal ons die verdere groei van Lutheranisme bespreek asook Luther se voortgesette vertroue op *vorste* en *politiek*.

#### Die groei van Lutheranisme

Verdelings en skandale het die Protestantse kamp tydens Luther se latere jare geteister. Die *leërs van vorste* en *politieke mag* kon dalk waarborg dat die hervormde godsdienste in sekere gebiede bolangs behoue bly. Hulle het egter nie die mag gehad om die geloof en sedes van die aanhangers te suiwer nie, nog minder kon hulle die strydende faksies verenig wat *binne* die Protestantse beweging ontstaan het.

Gedurende hierdie jare het 'n dispuut ontstaan tussen die Duitse en Switserse hervormers oor die ware betekenis van Christus se instelling van die Nagmaal, soos dit nou genoem word. Hierdie geskil het 'n *blywende skeuring* tussen die Lutherse en Hervormde Kerke veroorsaak – 'n skeuring wat ons

later in meer besonderhede sal ondersoek.

Intussen het die keiser in Januarie 1530 'n opdrag aan die Duitse vorste gestuur om vir 'n Ryksdag in Augsburg te ontmoet. Hy het voorgestel dat die vriendelike skikking van godsdienstige verskille, die primêre doel van die vergaderings behoort te wees.

Die Protestante het dus 'n omvattende verklaring voorberei van hulle oortuigings en hul kritiek op die Rooms-Katolieke leerstelling en gebruike. Dit is hoofsaaklik deur Luther en Melanchthon opgestel. Laasgenoemde het die meeste van die werklike samestelling gedoen.

Dit is baie belangrik om die “Augsburgse Belydenis”, soos dit genoem word, te verstaan. Dit is die *amptelike verklaring* van die standpunt van die Lutherse kerk en is tot vandag toe die basis van hulle leerstellings.

Laat ons let op Reginald Walker se geleerde opsomming van die Lutherse standpunt, soos dit deur Melanchthon (met Luther se advies) in hierdie

geloofsbelydenis uiteengesit is: “*Sy doel was om te wys dat die Lutherane in geen wesenlike en noodsaaklike opsig van die Katolieke kerk afgewyk het of selfs van die Roomse kerk nie, soos geopenbaar deur sy vroeë skrywers. Daardie ooreenkoms word uitdruklik bevestig en baie ou dwaallere word versigtig by name verwerp. Aan die ander kant word Zwingliaanse en Anabaptistiese sienswyses kragdadig verwerp. Die Skrif as die enigste gesag word nêrens uitdruklik bevestig nie. Die pousdom word nêrens uitdruklik veroordeel nie. Die universele priesterdom van gelowiges word nie genoem nie. Tog het Melanchthon 'n deeglike Protestantse toon aan die belydenis as geheel gegee. Regverdigmaking deur die geloof word prysenswaardig gedefinieer, die Protestantse voorskrif van die kerk word duidelik gemaak; aanroeping van heiliges, die mis, ontkenning van die beker, kloostergeloftes en voorgeskrewe vas word verwerp*” (Walker, Reginald F. *An Outline History of The Catholic Church*, Newman Press, 1944. bl. 372).

### **Protestante bevestig hulle eenheid met die Roomse stelsel**

Let veral daarop dat hierdie Belydenis die *eenheid* van die Lutherane met die Rooms-Katolieke kerk bevestig. Die feit word beklemtoon dat Protestant en Katoliek in wese *een kerk* is – *een geloofstelsel*.

Verwysing na die Skrif as die enigste gesag is teen hierdie tyd

weggelaat. Die Protestantse leerstellings van regverdigmaking deur geloof *alleen* en verwerping van die Katolieke sakramentele stelsel is die *enigste ware* geskilpunte.

Eerder as om na die *ooruiging, geloof en gebruike* van Jesus Christus en die Ware Kerk van die Apostels wat deur Hom gestig is terug te keer, *beklemtoon* die hervormers nou die *eenheid* van Protestantisme met die *heidense* filosofieë, *ooruigings en gebruike* van die *korrupte Rooms-Katolieke stelsel*.

Soos ons gesien het, het die Roomse kerk nou *so ver van die leerstellings en gebruike van Christus en die Apostels afgewyk as wat enigsin moontlik kon wees*. Tog sal ons keer op keer sien dat die Protestante hulle “*eenheid*” met hierdie verwerplike stelsel beklemtoon.

Ten spyte van die versoenende toon van hierdie Belydenis, het Charles V en die Katoliek-oorheersende Ryksdag dit verwerp. Hulle het 'n algehele herinstelling van die Katolieke geloof beveel, in afwagting op 'n algemene raad binne 'n jaar (Hausser, Ludwig. *The Period of the Reformation, American Tract Society*, 1873, bl. 123).

### **Luther moedig nou oorlog aan**

Uit vrees vir strafmaatreëls en die *verlies van kerkeiendom* *waarop hulle beslag gelê het*, het elf stede nou met agt Protestantse vorste verenig met die vorming van die Smalkaldiese Bond om hulle te verdedig

teen die keiser (Alzog, Johannes. *Manual of Universal Church History*, 1878, bl. 240-241). Dit is op hierdie stadium interessant om daarop te let dat Luther weereens sy beleid *ter wille van eiebelang verander het*.

Hy het voorheen gehou by sy standpunt, mét Skrifuur (Romeine 13), dat dit 'n sonde is om die keiser of enige wettig aangestelde gesag teen te staan (Walker, bl. 375). Nou het hy hulle egter aangespoor om tot *geweld* oor te gaan om sy leerstellings te verdedig. “Die Protestantse vorste, saam met sekere imperiale stede van Suid-Duitsland, het verenig in die Bond van Smalkald om die arbitrêre handelswyses van die keiser teen te staan in sy pogings om die nuwe denkwyses uit te wis. *Luther, wat tot dusver teen die opneem van wapens gekant was*, het nou verklaar dat Christene daartoe verbind was om hulle vorste te verdedig wanneer hulle onregmatig aangeval word. Die bond het homself versterk deur 'n alliansie met Frankryk, Denemarke en die Hertoë van Beiere aan te gaan. Die gebiede van die keiser was weereens bedreig deur 'n inval deur die Turke onder Soliman. Onder hierdie omstandighede was dit onmoontlik om die maatreëls van onderdrukking waarop besluit is by Augsburg uit te voer. Dienooreenkomstig is die vrede van Neurenberg in 1532 ingestel, wat voorsiening gemaak het dat godsdienstige aangeleenthede moes bly soos dit was, totdat dit weer gereël kon word deur 'n

nuwe wetgewende of 'n algemene raad" (Fisher, George P. *History of the Christian Church*, Scribner's, 1887, bl. 305-306).

Sedert die vrede van Neurenberg bly die posisie van die Protestantse gebiede vir 'n aantal jare wesenlik dieselfde. Baie insiggewende voorvalle het in Luther se kamp plaasgevind, namate die "vrugte" van sy leerstelling duideliker geword het. In baie gevalle kan gesien word dat Luther sy toevlug tot immorele optrede geneem het wanneer dit as "geskik" geag is om sy saak te versterk.

### **Luther laat bigamie [veelwywery] toe**

Die bekendste voorbeeld van Luther se gewilligheid om sy *standaarde te verander* om sodoende sy vorstelike beskermers te akkommodeer, is moontlik die bekende geval van Philip I, die Landgraaf van Hesse. Philip se voortdurende pleging van egbreuk het hom bekommerd gemaak oor sy redding en hy het begin redeneer dat 'n tweede huwelik met 'n aantrekliker vrou die oplossing vir sy probleme kon wees. Hy het hom op die Ou Testament beroep om dit te regverdig, terwyl die motivering agter sy "redenasië" versterk is deur sy kennismaking met 'n aantreklike sewentienjarige dogter van 'n vrou in die adelijke hof van sy suster.

Dit mag nuttig wees om op hierdie stadium uittreksels in te sluit, geneem uit 'n volledige verslag oor hierdie aangeleentheid deur die geskiedkundige

Jules Michelet. Daarin vind ons die direkte antwoord van Luther en sy medewerkers op die Landgraaf se versoek:

Die oorlogsugtigste onder die Protestantse hoofmanne, die voortvarende en opvlieënde Landgraaf van Hesse, het veroorsaak dat dit voor Luther gelê word dat sy *gesondheidstoestand vereis om saam met meer as een vrou te woon*. Die opdragte wat aan Bucerus gegee is om oor hierdie saak met die teoloë van Wittenberg te onderhandel, bied 'n vreemde mengsel van sensuualiteit, godsdienstige vrees en onverskrokke openhartigheid. Die versoek van die Landgraaf van Hesse het Luther in die *uiterste verleentheid* geplaas. Al die teoloë by Wittenberg het vir die geleentheid vergader om 'n antwoord te bedink en hulle het besluit om 'n *kompromie* met die vors aan te gaan. *Hulle het ingestem tot sy versoek om goedkeuring te gee om 'n tweede vrou te neem*, maar op voorwaarde dat sy nie in die openbaar erken moes word nie. "U hoogheid", sê hulle in hul antwoord, "sal uit sy eie, aan u verduidelik van die verskil wat daar bestaan tussen 'n wet

wat neergelê word om universeel uitgevaardig te word en een om 'n *privaat dringende noodsaaklikheid* te dien. Dit is 'n wetsbepaling dat ons nie openlik so-iets kan instel of goedkeur soos om met meer as een vrou te trou nie. Ons smeek u hoogheid om te besin oor die gevaar waarin daardie man geplaas sal word wat skuldig bevind sou word aan die feit dat hy in Duitsland 'n wet soos hierdie ingestel het. Daar sal onmiddellik verdeeldheid in gesinne geskep word en 'n reeks eindelose regsdinge sal ontstaan. U hoogheid het 'n *swak gestel*; u slaap min en dit is nodig om baie *goeie voorsorgmaatreëls te tref in u geval*. Die groot Skanderbeg het sy soldate dikwels gemaak om kuisheid in ag te neem en het gesê dat niks so nadelig vir hulle roeping is as die genot van liefde nie. Mag dit u hoogheid behaag om ernstig selfondersoek in te stel oor die verskillende oorwegings betrokke by hierdie aangeleentheid; die skandaal, die arbeid, die sorg, die hartseer en die swaakheid, wat, soos aan u uitgewys, daarby betrokke is. Indien u hoogheid egter vasbeslote is

om met 'n tweede vrou te trou, is ons van mening dat dit in die *geheim* behoort plaas te vind. Onderteken en verseël in Wittemberg, na die fees van Sint Nicolaas, in die jaar 1539 – Martin Luther, Philip Melancthon, Martin Bucer, Antony Corvin, Adam John Lening, Lustin Wintfert, Dyonisius Melanther” (Michelet, Jules. *The Life of Luther, Written by Himself*, 1859. Vertaal deur William Hazlitt, bl. 251, 253).

Luther se raad om 'n “geheime sonde” van hierdie saak te maak, is verontagsaam. Sy *verantwoordelikheid* vir die advies aan die Landgraaf om *God se Wet te verbreek*, het nou sy tol ge-eis. Toe die nuus begin uitlek, het Luther die Landgraaf aangeraai om *nog een* van God se *Gebooie* te verbreek!

**Luther beveel nou 'n leuen aan**  
“Alhoewel 'n poging aangewend was om die saak privaat te hou, het dit gou geblyk onmoontlik te wees. Luther kon slegs “n goeie sterk leuen’ aanbeveel, maar Philip was mans genoeg om te verklaar: ‘Ek sal nie lieg nie” (Walker, bl. 378).

Die skandaal wat uit hierdie episode voortgespruit het, het groot skade aan die Protestantse saak berokken. Regdenkende manne het begin wonder waarheen Luther se leerstelling van “genade *alleen*”

kon lei.

Die belangrikste punt om te onthou is dat Martin Luther – wat bely het dat hy 'n dienaar van God is – welwetend en *doelbewus* aanbeveel het dat 'n man twee van God se gebooie moes *verbreek*.

Intussen het die verval van sedes voortgeduur onder alle klasse van die Protestantse samelewing. “Die Protestante het reeds begin om te verslap in die erns van hulle gedrag en handelswyse. Hulle het die huise waar losbandigheid hoogty gevier het, heropen. ‘Dit sou beter gewees het’, het Luther opgemerk, ‘as die duiwel nooit verban was nie, as dat hy in sewevoudige krag teruggekeer het’ (13 September 1540)” (Michelet, bl. 255).

### **Luther se dood**

Die rigting waarin Protestantisme nou beweeg het, was stewig in die hande van die Lutherse vorste en met voortdurende bedreigings van die Katolieke Bond, het hulle bly vasklou aan die guns wat hulle tot dusver gewen het.

Die Katolieke Raad van Trent het in 1545 geopen. Met verskeie onderbrekings vir oorlog, het hulle tot 1563 voortgegaan om vir ongereelde sessies byeen te kom. Die doel daarvan was hoofsaaklik om van die vergrype wat tot die Hervorming gelei het te ondersoek en op te klaar. Die gevolg was 'n konserwatiewe hervorming *binne* die Katolieke kerk, maar natuurlik volgens streng *Roomse* riglyne.

Spoedig nadat hierdie Raad met sy werksaamhede begin het en op 'n tyd toe die Keiser vrede gesluit het met die Turke en sy ander vyande en dit nou gelyk het of hy gereed was vir 'n hernude aanslag teen die Protestantse vorste, het Luther 'n reis na Eisleben, sy geboorteplek onderneem.

Gedagtig aan die latere geskiedenis van Duitsland, sal dit goed wees om daarop te let dat Luther se heel laaste preek 'n skreiende aanval teen die Joodse volk was. Dit het gelyk asof hy vervul was met dieselfde *venynige haat* en *jaloesie* teen die Jode as wat die regering van Adolf Hitler later gekenmerk het. Alzog beskryf hierdie neiging:

Terwyl hy die preekstoel van die St. Andrew kerk in Eisleben vir die laaste keer bestyg, het Luther weereens die wraak van die hemele oor die Jode uitgeroep, 'n ras van mense wat hy so onregverdig en venynig aangeval het in sy vroeë skrywes dat sy volgelinge na sy dood verward was oor slegs die noem van sy kwaadwillige veroordelings. In sy eerste pamflet teen hulle het hy 'n beroep op Christene gedoen om die Bybel van die Jode af weg te neem, om hulle boeke en sinagoges met pik en swael te verbrand, om hulle aanbidding te verbied en met die dood te straf;

in sy tweede pamflet met die titel “*Of Shem Hamphoras*”, beskryf hy hulle van die begin af as “jong duiwels wat verdoem is tot die hel”, en uit die land verdryf behoort te word (Alzog, bl. 271).

Dus, wanneer ons van die gruweldade lees wat deur Hitler se Derde Ryk teen die Jode gepleeg is, behoort ons onself daaraan te herinner dat so 'n gesindheid opvallend was in die stigter van Duitse Protestantisme.

Luther self was ongelukkig en ellendig tydens sy laaste maande. Ontsteld deur die gruwelike stand van onsedelikheid wat sy leerstelling van *geloof alleen* oor die inwoners van Wittenberg gebring het, het hy in Julie 1545 aan sy vrou geskryf: “Laat ons padgee uit hierdie Sodom” (Alzog, bl. 270).

Dit was terwyl vooruitsigte al hoe donkerder geword het, dat Luther op 18 Februarie 1546, na 'n besoek aan Eisleben, die dorp waarin hy gebore is, gesterf het as gevolg van 'n aanval van 'n *hartsiekte* of *beroerte*. Sy laaste jare was baie ongelukkig. Sy gesondheid was lankal reeds ellendig. Die struwelinge van die hervormers, waartoe hy sy volle deel bygedra het, het hom ontstel. Veral *die mislukking* van die suiwer prediking van regverdiging deur geloof alleen, hoofsaaklik om die maatskaplike, openbare en politieke lewe rondom hom te verander, het hom bedroef gemaak (Walker,

bl. 379).

Dit het dus selfs vir Luther duidelik geword dat sy leerstellings in 'n groot mate *misluk het om mense lewens te laat lei wat meer in ooreenstemming met geestelike beginsels is*. Hy het dikwels in sy later jare tye van wanhopigheid ervaar toe hy ernstig daaroor besin het of hy nie baie siele saam met hom in die ewige veroordeling ingesleep het nie (Plummer, Alfred. *The Continental Reformation in Germany, France and Switzerland from the birth of Luther to the Death of Calvin*, Scriber, 1912, bl.132).

Na Luther se dood het die Protestantse vorste in 1547 'n militêre nederlaag gely by die slag van Muhlberg. Die keiser het 'n *tussentydse* ooreenkoms toegestaan wat in wese 'n oorwinning vir die Katolieke was, totdat 'n ander sessie van die Raad van Trent belê kon word.

### Die Hervormingsooreenkoms

In 1554 het die Lutherse vors Maurice van Sakse met Hendrik II van Frankryk verenig en vir Charles V 'n verpletterende nederlaag toegedien. Die Lutherane het nou volle geloofsvryheid geëis en die reg om *al die gekonfiskeerde kerklike eiendom te behou waarop tot dusver beslag gelê is* (Alzog, bl. 279-280).

'n Kompromie, bekend as die Vrede van Augsburg is uiteindelik in September 1555 bereik. Dit het elke vors toegelaat om te beslis of Katolisisme of Lutheranisme binne sy gebied beoefen sou

word. *Geen keuse* is aan sy onderdane gegee nie. Alle kerklike eiendomme waarop beslag gelê is voor 1552 kon deur die Lutherane behou word; alle beslagleggings sedert daardie tyd moes teruggegee word. Slegs Katolisisme en Lutheranisme (soos omskryf deur die Augsburgse Ooreenkoms) was in Duitsland toegelaat. Alle ander persone wat hiervan afgewyk het sou nog steeds as “kettters” gestraf word (Walker, bl. 382).

Die skeiding van Duitsland tussen Katolieke en Lutherane was dus permanent gemaak in 1555. Gedurende later jare is die ernstigste uitdaging vir hierdie stand van sake in die Dertigjarige Oorlog (1618-1648) gemaak. Gedurende die verloop van hierdie verskriklike oorlog tussen die vorste van die *Katolieke Bond* en die *Protestantse Unie*, is byna die helfte van die bevolking van Duitsland na bewering deur die swaard, hongersnood of pes uitgewis. Met die Vrede van Westfalia het dit uiteindelik geëindig met ongeveer dieselfde godsdienstige verdeling soos wat beslis was in die Vrede van Augsburg.

Die godsdienstige haat, politieke verdeeldheid en onophoudelike oorlog het voortgeduur in die nasleep van die Lutherse hervorming. Die verval van openbare sedes was ook 'n opvallende faktor, soos ons sal sien.

Luther se *politieke* en *godsdienstige* alliansie met die Duitse vorste het die lotsbe-

stemming van sy saak van die begin af in hulle hande geplaas. Hierdie godsdienstige patriotisme het op sy beurt weer die weg voorberei vir die sterk *nasionale* staat in Duitsland – 'n staat wat in meer onlangse tye groot dele van die wêreld in bloed gedompel het onder Keiser Wilhelm II en Adolf Hitler.

Voordat ons die leerstellings en gebruike van die Lutheraanse beweging en die uiteindelijke *gevolg* van hierdie godsdienstige opstand ontleed, sal ons eers die verloop van die Hervorming in ander lande soos Switserland, Frankryk en Engeland bespreek.

Alle owerhede het egter saamgestem dat die “belangrikste dryfkrag” in Protestantse gelede Luther self was en dat die Hervorming as geheel meer vanuit hierdie bron as deur enige ander geaktiveer is. Ons sal slegs die *hoof trekke* van hierdie verloop gee.

Sodat ons nie ons *perspektief* in die doolhof van geskiedkundige gebeure, plekke en persoonlikhede verloor nie, laat ons onself weer afvra: Was die Protestantse Hervorming 'n beweging wat deur Christelikheid van die Apostels *geaktiveer* was? Was sy “vrugte” die gevolg van die werking van die Heilige Gees?

Die skokkende feite van die geskiedenis het openbaar hoedat Martin Luther se leerstelling van “geloof *alleen*”, tot geestelike verval op baie gebiede gelei het. Dit het getoon hoe Luther se *politieke betrokkenheid* met die Duitse vorste hom daartoe gelei

het om *bigamie* te verskoon en die edeles aan te moedig om hulle boere in die berugte Boere-Oorlog “*dood te slaan*, te *verwurg* en *dood te steek*, in die geheim of in die openbaar”. Selfs aan die einde van sy lewe leer ons dat Luther se striemende aanval wat teen die Jode geloods was later weer aanklank gevind het onder Hitler se Derde Ryk, alhoewel anti-Semitisme in die tussentyd glad nie dood was nie.

Regdeur dit alles het ons gevra: Was die Protestantse beweging 'n ware “hervorming” van die een ware Kerk wat Jesus belowe het om te bou? (Matthéüs 16:18). Was dit 'n opregte, gees-geleide terugkeer na die “geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is”? (Judas: 3).

Nou sal ons voortgaan met hierdie openbare ontleding van die Hervorming met die dramatiese verhaal van die vordering daarvan in Switserland. Ons sal eers aandag skenk aan die man wat die hervormingsbeweging in daardie land begin het. Hy is redelik onbekend aan die meeste moderne kerk-gangers, maar het nogtans 'n sterk invloed uitgeoefen op die oortuigings en gebruike wat baie Protestantse kerke tot vandag toe beoefen. Sy naam was Ulrich Zwingli.

### **Die Zwingliaanse Hervorming**

Gedurende die vroeë jare van die Lutherse hervorming het 'n beweging wat in baie opsigte daarmee ooreengestem het, in Switserland begin. Die leidende

krag van hierdie beweging in sy vroeë stadiums was *Ulrich Zwingli*.

Zwingli is in 1484 in die bergdorp Wildhaus gebore en was 'n briljante student van jongs af. Hy het aan die Universiteit van Wene studeer en het daarna na Basel gegaan. Hy het verdiep geraak in humanisme en het later begin om die Griekse Testament wat deur Erasmus gepubliseer is te bestudeer. Hieruit het hy die sendbriewe van Paulus eiehandig gekopieer sodat hy dit kon memoriseer.

Benewens sy akademiese belangstellings was Zwingli ook 'n *ywerige patriot* en wou die korrupte *maatskaplike* en *politieke lewenswyse* van sy land hervorm. Omkoopgeld en kerklike posisies was deurgaans aan invloedryke Switsers aangebied om hulle samewerking te verkry in die stryd teen die pous of die Franse koning (Hausser, bl. 127-128).

Nadat hy sy meestersgraad aan die Universiteit van Basel verwerf het, is Zwingli deur die invloed van sy oom as 'n gemeentelike priester aangestel. Hy het selfs vir 'n tyd lank 'n pensioen van die pous ontvang omdat hy ingestem het om Switserse jeugdiges te huur om as huursoldate in die pous se leër te dien (Walker, bl. 360).

Hy was uiteindelik daartoe gelei om hierdie praktyk om huursoldate te werf, te veroordeel as gevolg van sterk Franse aktiwiteite van dieselfde soort in sy eie gemeente. Zwingli was toe in staat om van sy bedrywig-



hede oor te plaas na die beroemde pelgrims-heiligdom van Einsiedeln, wat sy invloed en reputasie grootliks uitgebrei het.

### Zwingli se leerstellige ontwikkeling

Gedurende hierdie tyd was Zwingli gelei om die nuttelosheid van die bygelowige pelgrimstogte, wat elke jaar na die godsdienstige heiligdomme in Einsiedeln gemaak is, in te sien en hy was ook gelei om teen ene Samson, 'n verkoper van *aflate*, te preek.

Hy het in hierdie tyd ook voortgegaan met sy bestudering van die Skrif en het begin om 'n leerstelling van regverdigmaking te ontwikkel, soortgelyk aan dié van Luther. Hy het sommige van die humanistiese lesings wat hy by die universiteit gehoor het onthou, wat die waardeloosheid van *aflate* blootgestel het en die dood van Christus bevestig het as die enigste prys vir vergifnis. Hy het begin voel dat die Skrif die enigste gesag is en om dit te bestudeer het hy baie idees ontwikkel wat in sy latere leerstellings na vore gekom het.

In 1518 is Zwingli na die katedraalkerk van Zürich oorgeplaas. Hy het nou sy pouslike pensioen geweier en het alle buitelandse verstrengelings van die Switsers teengestaan. Dit was eers in 1522 dat Zwingli *finale met Rome gebreek* het.

Terwyl sommige van sy gemeentelede die vastyd [*Lenten fast*] verbreek het, na aanleiding van Zwingli se leerstelling van die Skrif as enigste

gesag (Hausser, bl.132), het hy in hulle verdediging gepreek en gepubliseer. Die biskop van Constantia het 'n kommissie gestuur om die nuwighede te onderdruk. Zwingli het nou 'n beroep op die *burgerlike owerhede* gedoen en die burgemeester van Zurich het uiteindelik beslis dat slegs die dinge wat in die Skrif geleer word verkondig moes word. Die pad was dus oop vir 'n *godsdienstige* en *politieke* rewolusie.

### Vinnige veranderings vind plaas

Nuus van Lutherse Hervorming in Duitsland het nou die grootste deel van Switserland bereik en dit was 'n addisionele aanmoediging vir hulle saak. Baie van Luther se geskrifte is ook onder die Duitssprekende Switsers versprei en sy leerstelling van *regverdigmaking deur geloof alleen* was toe oor die algemeen verstaan (Fisher, George P. *The Reformation*, Scribner, 1873. bl. 147).

Ons sal egter sien hoedat Zwingli met die hulp van die *burgerlike owerhede*, wat siek en sat was vir Roomse tirannie, selfs 'n *groter verandering* kon bewerkstellig as wat Luther kon.

Zwingli het geglo dat die *opperste gesag* die Christelike gemeenskap was en dat die uitoefening van daardie gesag moes geskied deur behoorlik gekonstitueerde organisasies van *burgerlike regering* wat in ooreenstemming met die Skrif opgetree het. Slegs dié wat die Bybel beveel of waarvoor duidelike magtiging in die bladsye

daarvan gevind kan word, is bindend of toelaatbaar (Walker, bl. 361).

Vanweë sy sterk oortuiging dat die Bybel die *volledige gids* vir leerstelling en praktyk behoort te wees, het Zwingli veel verder as Luther gegaan in sy hervorming. Sy gesindheid jeens die heidense seremonies en feeste wat in die Katolieke kerk ingesypel het, was baie strenger as dié van Luther. "Terwyl Luther geneig was om alles onaangeraak te laat wat die Bybel nie verbied nie, was Zwingli meer geneig om wat die Bybel nie voorgeskryf het nie, te verwerp" (Fisher, *The Reformation*, bl. 145).

Zwingli het nou met die proses begin om provinsiale amptenare sover te kry om sy leerstellings te ondersteun. Hy het gereël vir 'n openbare debat oor sewe-en-sestig artikels, wat die Katolieke leerstellings oor die mis, goeie werke, voorbidding van heiliges, klooster-geloftes en die bestaan van vagevuur ingesluit het. Die *Bybel* moes die gesag wees waarop die bespreking gegrond was. "In die daaropvolgende debat het die regering Zwingli as die oorwinnaar verklaar, omdat dit bevestig is dat hy nie aan kettery skuldig bevind is nie en hulle het beslis dat hy sy prediking moes voortsit. Dit was 'n onderskrywing van sy leerstelling" (Walker, bl. 362).

Baie veranderings het nou plaasgevind. Die priesters en nonne het begin trou. Daar is weggedoen met beelde, aandenkings en liggaamsdele. Die

staat het in 1524 begin om *beslag te lê op kerklike eiendomme*. In dieselfde jaar is Zwingli getroud met 'n vrou met wie hy sedert 1522 saamgewoon het – nie *sonder 'n groot skandaal* nie (Walker, bl. 363).

As gevolg van die politieke waarde van Switserland in die oorloë, het die pous nie gedurende hierdie tydperk direk met die Zwingliaanse-beweging ingemeng nie. Zwingli het die uitbreiding van sy beweging dwarsdeur Switserland aangevoed. Die meeste van die stede het gou onder die invloed van sy leerstellings gekom en selfs die groot Duitse stad Strasbourg was oorgehaal tot die Zwingliaanse, eerder as die Lutherse standpunt.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die veranderinge *nie* eintlik gepaardgegaan het met die grootskaalse bekering van die individue in hierdie stede, na Zwingli se leerstellings nie. Dit was eerder 'n gekombineerde *politie-godsdienslike beweging* wat deur die Switserse Republikeinse Party ondersteun is, die party wat begin het om *alles wat Rooms was* teen te staan. Dit was hierdie eerste alliansie met die *politiek* wat weldra tot Zwingli se dood op die slagveld gelei het.

### Zwingli se basiese leerstellings standpunt

In 1525 publiseer Zwingli sy belangrikste teologiese werk, die *“Commentary on True and False Religion”*. Fisher som sy leerstellings standpunt so op:

Alhoewel hy in die *meeste opsigte* gehou het by die *gewone Protestantse beskouing*, het hy van hulle verskil in die leerstelling van die Sakrament, soos hierna verduidelik sal word. Hy het die uitverkiesingsleer as 'n filosofiese beginsel beskou, maar onderrig dat Christus die hele menseras verlos het. Hy het erfsonde beskou as 'n versteuring eerder as 'n toestand wat met 'n skuldgevoel geassosieer word. Hy het geglo dat die wysere van antieke tye deur die Goddelike Gees verlig was en in sy katalogus van heiliges het hy Sokrates, Seneca, die Catos en selfs Hercules ingesluit (Fisher, *The History of the Christian Church*, bl. 308).

Hier merk ons dat Zwingli die doel en aard van God se Heilige Gees so *heeltemal verkeerd verstaan* dat hy hom verbeel het dat dit die antieke *heidense* filosofe gelei het. Die apostel Paulus het egter duidelik na hulle immorele lewens en leerstellings verwys in sy brief aan Christene in Rome (Romeine 1:18-32).

Natuurlik keur baie Protestantse skrywers Zwingli goed vir sy “breë” sienings oor die heidense bespiegelaars. Hastie prys Zwingli se siening: “Met 'n mate van denke en gevoelens

wat seldsaam was vir sy tyd, het hy 'n *goddelike inspirasie* bemerk in die gedagtes en lewens van die *edeler geeste van antieke tye*, soos byvoorbeeld Sokrates, Plato en Seneca en hy het selfs gehoop om hulle in die *hemel* te ontmoet” (Hastie, William. *The Theology of the Reformed Church in Its Fundamental Principles*, Clark, 1904. bl. 184).

Zwingli se begeerte om hierdie antieke filosofe in die hemel te ontmoet, is insiggewend vir die ware student van die Skrif. Hy het baie uiterlike Katolieke gebruike ten goede verander en Luther se fundamentele leerstelling van regverdiging aangeneem, maar sy *algehele konsep* van God en die uiteindelijke *doel* van verlossing was nog steeds wesenlik dié van die Rooms-Katolieke kerk.

Die Lutherse en Zwingliaanse takke van die Protestantse beweging het skaars begin ontwikkel toe hulle betrokke geraak het in 'n hewige getwis oor die leerstelling van die Nagmaal, soos hulle dit genoem het. Dit was 'n fundamentele saak vir albei partye en nie een van hulle wou toegee of terugstaan vir die ander een nie.

### Die twispunt oor die Nagmaal

Luther het volgehou dat die letterlike teenwoordigheid van die verheerlikte liggaam en bloed van Christus werklik in die brood en wyn is. Op een of ander geheimsinnige wyse word Sy liggaam en bloed werklik ontvang deur die Nagmaalganger *of hy glo of nie*.

Aan die ander kant ontken Zwingli dat Christus teenwoordig is in enige sodanige opsig en het geglo dat die Nagmaal slegs 'n gedenkdienst van Sy versoenende dood is.

In die geskil was daar weinig liefde aan albei kante getoon. Zwingli het gedink dat Luther se idee van die *fisiese* teenwoordigheid van Christus in die Nagmaal 'n *Katolieke bygeloof* is. Hy het gesê dat 'n fisiese liggaam net op *een plek* kon wees en dat Christus aan die regterhand van die Vader in die hemel is.

Luther het Zwingli daarvan beskuldig dat hy die menslike rede bo die Skrif verhef. Hy het probeer verduidelik dat die fisiese teenwoordigheid van Christus op tien duisende altare, gelyktydig, 'n skolastiese aanname is, dat die eienskappe van Christus se goddelike natuur nie aan sy menslike natuur gekoppel is nie en Hy kon dus as gees *oral gelyktydig wees*.

Moontlik is die betekenisvolste ding wat hierdie geskil duidelik getoon het – watter een ookal *reg was* – dat hulle nie *van dieselfde gees* was nie. Van toe af kon hulle nie *eerlik daarop aanspraak maak dat die een Heilige Gees van God besig was* om hulle in die waarheid te lei nie of dat hulle een in Christelike gemeenskap was nie. “Luther het verklaar dat Zwingli en sy ondersteuners *gladnie Christene* is nie, terwyl Zwingli beweer het dat Luther *erger* was as die Roomse kampvegter Eck. Zwingli se standpunte het egter nie net die Duitssprekende

Switserland se goedkeuring weggedra nie, maar ook groot dele van Suidwestelike-Duitsland. Die Roomse party was verheug oor hierdie duidelike verdeling van die Evangeliese magte” (Walker, bl. 364).

Die vurige geskil oor hierdie punt het oor baie jare gestrek en het 'n reeks pamflette, preke en besprekings ingesluit. Die belangrikste en, wat die uitslae betref, die finale besprekings tussen die hervormers oor hierdie punt, het in Marburg in die kasteel van Philip I, die Landgraaf van Hesse van wie vroeër gepraat is, plaasgevind. Philip, soos ons sal onthou, het op hierdie stadium self sulke groot *seksuele probleme* gehad dat hy selde aan die Nagmaal deelgeneem het, weens 'n skuldige gewete (Walker, bl. 377). Ons mag byvoeg dat dit vreemd is dat 'n *egbreker*, 'n *bigamis* en 'n *dronkaard* soos die Landgraaf, een van die lekeleiers in die Hervormingsbeweging was.

Philip was egter een van die *politieke steunpilare* van die Protestantse beweging en wou graag hê dat die twee hervormingspartye 'n ooreenkoms moes bereik, indien enigsins moontlik. Hy het daarom die leiers van albei partye uitgenooi om by sy kasteel byeen te kom en op 1 Oktober 1529 het die besprekings begin.

Alhoewel Luther agterdogtig was oor die leerstellings van die Switsers oor die *drie-eenheid* en die *erfsonde*, was die belangrikste geskilpunt die teen-

woordigheid of afwesigheid van Christus se fisiese liggaam gedurende die Nagmaal. Luther het aangedring op 'n letterlike interpretasie van die woorde: “Dit is my liggaam”. Zwingli het daarby gehou dat 'n fisiese liggaam nie tegelykertyd op *twee plekke* kon wees nie. Alhoewel die besprekings vir 'n paar dae geduur het, was dit vir hulle onmoontlik om ooreen te stem en die twee partye het uiteindelik uitmekaar gegaan – terwyl albei die “Christelikheid” van die ander betwyfel het (Kurtz, J. H. *Church History*, Vol. II, 1891, bl. 273).

Die Landgraaf het 'n finale vergadering van die hervormers gereël en hy het hulle die belangrikheid daarvan om tot 'n soort vergelyk te kom, op die hart gedruk.

### Die laaste vergadering tussen Luther en Zwingli

Schaff beskryf hierdie vergadering as volg:

Op [’n] Maandagoggend het hy weer 'n privaat konferensie tussen die Saksiese en die Switserse Hervormers belê. Hulle het vir die laaste keer op aarde ontmoet. Met tranen in sy oë het Zwingli vir Luther genader en die hand van *broederskap* uitgereik, maar *Luther het dit geweier* en gesê: “Joune is 'n *ander gees as ons s'n*”. Zwingli het gedink dat verskille in nie-noodsaaklikhede, met eenheid in nood-

saaklikhede, nie Christelike broederskap verbied nie. "Laat ons", het hy gesê, "ons eenheid bely in alle dinge waarin ons saamstem; en sover dit die ander betref, laat ons onthou dat ons broers is. Daar sal nooit vrede in die kerke wees as ons nie mekaar se verskille op sekondêre punte kan verdra nie". Luther het egter die liggaamlike teenwoordigheid as 'n fundamentele leerstelling beskou en Zwingli se ruimhartigheid as onverskilligheid teenoor die waarheid beskou. "Ek is verbaas", het hy gesê, "dat jy my as jou broer wil beskou. Dit toon duidelik dat jy nie veel waarde aan jou leerstellings heg nie". Melancthon het die Switser se versoek as 'n vreemde teenstrydigheid beskou. Toe hy hom na die Switser draai, het die Wittembergers gesê: "Jy behoort nie aan die gemeenskap van die Christelike Kerk nie. *Ons kan julle nie as broers erken nie*". Hulle was egter bereid om hulle in te sluit in die universele liefdadigheid wat ons aan ons vyande verskuldig is. (Schaff, Philip, *History of the Christian Church*, Vol. VII, Hendrickson, 1996 (1888). bl. 644-645).

Ons sien dus dat Luther en Zwingli uitmekaar gegaan het, *nie* met die gevoel dat die Switserse party deur die Heilige Gees gelei is nie, maar dat Zwingli deur 'n *ander* "gees" as hyself gelei is. Daar is inderdaad genoeg getuïenis, selfs onder Protestantse skrywers, dat die hervormers *nie* die "eenheid van die Gees" gehad het wat slegs *God se Gees* kan bring nie.

Let op Plummer se verslag oor Zwingli se begeerte om hierdie patetiese meningsverskil te vermy:

Daar is egter geen rede om sy verklaring te betwyfel dat hy sorgvuldig vermy het om met Luther te korrespondeer nie, omdat hy sê: "Ek het begeer om aan alle mense die eensgesindheid van God se Gees te wys, soos dit gemanifesteer word in die feit dat ons, wat so ver van mekaar verwyderd is, eensgesind is met mekaar, tog sonder botsing". Soos die hele wêreld weet; het hulle *nie in eensgesindheid gebly* nie en dit is een van die baie hartseer feite in die geskiedenis van die Hervorming, dat Luther die gewelddadige dood van Zwingli, as 'n oordeel oor hom verklaar het vir sy eucharistiese [Nagmaal] leerstelling (Plummer, bl. 141-142).

### Zwingli se dood

Kort ná die Marburg-konferensie het 'n oorlog tussen die provinsies van Switserland uitgebreek, wat tot Zwingli se dood gelei het. Dit het begin as 'n direkte gevolg van die poging van die Protestantse stede om die Katolieke provinsies te laat uithonger totdat hulle hulle onderwerp het en eindig met die Katolieke wat ván die ondersteuning wat hulle voorheen verloor het, weer terug te wen.

Die moeilikheid het ontstaan as gevolg van die vervolging van die Protestante in die Katolieke provinsies. Die optrede van die Katolieke provinsies het 'n bedreiging geword en Zwingli het aanbeveel dat daar na drastiese stappe oorgegaan word as laaste uitweg om hulle tot onderwerping te dwing.

Die belangrikste eise wat regtig gemaak is, was dat die Protestantse leerstelling, wat in die minder belangrike provinsies bely is, ook in die belangriker provinsies verdra moes word en dat die vervolging daar gestaak moes word. Die vraag was egter of selfs hierdie eise afgedwing sou kon word. *Zwingli* was ten gunste van oorweldiging van die vyand deur 'n *direkte aanval* en om regverdigte toegewings van hulle kant af, *af te dwing*. Hy was egter uitgestem en daar was op verslachte maatreëls

teruggeval. Daar is probeer om die Katolieke provinsies te dwing deur geen interaksie en dus hulle *voorrade af te sny*. Die effek was dat die Katolieke hul kragte kon saamvoeg terwyl die Protestantse stede as gevolg van jaloesie en onenigheid verdeeld was oor wat die beste beleid sou wees om te aanvaar. Zürich is sonder enige hulp gelaat om as gevolg van oorhaastige en onvoldoende voorbereiding die gekombineerde mag van die Katolieke party te konfronteer. Die Zürichse mag is op 11 Oktober 1531 in Cappel verslaan en Zwingli, wat as 'n kapelaan saam met sy mense gaan veg het, het gesneuwel (Fisher, *The Reformation*, bl. 153-156).

### Waarom Zwingli in die oorlog gesneuwel het

Die wrede waarheid is dat Zwingli se gewelddadige dood 'n direkte gevolg was van sy eie daad. Hy het *nie ag geslaan* op die Skrifbevel om homself “vlekkeloos te bewaar van die wêreld” (Jakobus 1:27) nie. Terwyl hy *nagelaat* het om Christus se verklaring toe te pas: “My koninkryk is nie van hierdie

wêreld nie” (Johannes 18:36), het Zwingli aanhoudend gebruik gemaak van *politiek* en fisiese mag om die resultate te verkry wat hy wou hê.

Soos Fisher sê: “Zwingli was 'n *patriot* en 'n *maatskaplike hervormer*” (Fisher, *The Reformation*, bl. 145). Net soos Luther het hy vertrou op die vorste van *hierdie wêreld*.

Daarom lyk Zwingli se gewelddadige dood op die slagveld – in 'n wesenlike *godsdienstige* oorlog wat hy self aangemoedig het – na 'n opvallende bevestiging van Christus se waarskuwing: “... want almal wat die swaard opneem, sal deur die swaard vergaan” (Matthéüs 26:52).

Na sy dood kon die hervormde party nog steeds die oorwinning behaal. Dit was egter *nie verenig* nie en elke stad wou die hoofstad wees van 'n voorgestelde konfederasie en was dus jaloers op mekaar. Gevolglik was hulle gedwing om 'n vernederende vrede te sluit en hulle moes sommige van die oorwinnings afstaan wat hulle voorheen gemaak het (Kurtz, bl. 269).

Ons sien dus *verdeeldheid* onder die volgelingen van Zwingli en selfs 'n *groter verdeeldheid* tussen hulle en die Lutherane. Daardie selfde gees van *wedersydse vyandigheid* het besit geneem van baie van hulle Protestantse opvolgers in

volgende geslagte.

'n Mens hoef net rondom jou te kyk om die honderde *verskillende* Protestantse kerke te sien. Vir 'n skyn van eenheid, noem hulle hulself soms gesamentlik die “Kerk van Christus”. Hulle is egter hoegenaamd *nie* van dieselfde gees nie.

Heel aan die begin van hierdie onderlinge verdeeldheid tussen die Protestantse kerke was Martin Luther bereid om *hierdie feit in die gesig te staar*. Verwysende na Zwingli en sy volgelingen het hy gesê: “Enige een van die twee partye moet *noodwendig* in Satan se diens wees; geen bespreking van die saak word toegelaat nie – daar is *geen moontlikheid van 'n kompromie nie*” (Alzog, *Universal History*, bl. 352).

Só het die *godsdienstige verdeeldheid* en *verwarring* van ons tyd dus begin. Ons *doel* is om te bepaal of hierdie Protestantse stelsel – *of enige deel daarvan* – 'n ware herinstelling is van die *een* ware Kerk wat Jesus Christus gesê het Hy sal bou.

Volgende keer sal ons met 'n studie van hierdie aangrypende reeks oor die Hervorming en die geweldige invloed wat Johannes Calvyn daarop gehad het voortgaan. U sal verbaas wees om die waarheid oor die oorsprong van baie moderne Protestantse idees te ontdek! **WvM**

---

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

---

# Sondes van rassisme, wette- loosheid en wêreldgesindheid

Deur Gerald E. Weston

Wat is besig om in ons wêreld te gebeur? Hoekom is mense met soveel haat gevul dat hulle doelbewus onskuldige mans, vrouens en kinders raakry om hulle perverse agendas op een of ander manier te bevorder? Waarom sien ons 'n styging in wettelose geweld – boewe met klapmusse wat vensters stukkend slaan, brandstig en motors omgooi? Wat word van ons wêreld?

In die afgelope maande het ons opsetlike moorde deur middel van motorvoertuie in Londen, Frankryk, die Verenigde State en Spanje gesien. Gedurende die nag van 11 Augustus 2017 is 'n groep mense gesien wat beskryf word as 'n kombinasie van Nazi's, Ku Klux Klan (KKK) lede en wit suprematiste wat deur die strate van Charlottesville, Virginia, gemarsjeer het terwyl hulle anti-Semitiese slagspreuke gedreuning het. Die volgende dag het hulle weer gemarsjeer en rassitiese beledigings geskree voordat hulle in 'n bakleiery met teenmarsjeerders betrokke geraak het. Albei partye het stokke, knuppels, pepersproei en ander wapens gehad wat duidelik getoon het dat hulle "gereed was vir 'n straatgeveg". Die hele saak het geëindig toe een heerssugtige blanke met sy motor in 'n groep *vreedsame* opponerende marsjeerders

vasgery en baie mense beseer en een van hulle doodgery het.

'n Paar dae later was die wêreld geskok toe 'n man 'n gehuurde vervoerwa gebruik en sowat 100 mense doodgery het wat net besig was met hulle gewone gang van sake op La Rambla, die beroemde boulevard en voetgangersentrum in Barcelona, Spanje. In 'n afsonderlike aanval in Cambrils het een mens gesterf voordat vyf terroriste gedood is in 'n skietgeveg met die polisie. Dit wil voorkom asof die bloedbad baie erger kon gewees het indien die terroriste die plof-toestelle wat hulle geskep het, suksesvol kon laat ontplof – dit het voortydig ontplof.

Ons het ook foto's gesien van boewe met swart klapmusse op, wat besig was om vensters te breek by die Universiteit van Kalifornië in Berkeley, in 'n poging om te voorkom dat 'n spreker van wie hulle nie gehou het nie daar optree. Daar behoort kennis van geneem te word dat die administrasie geswig het voor die bedorwe kinders en hulle polities korrekte wêreldbeskouing. Sodanige betogings, hoewel nie altyd so gewelddadig nie, raak nou alledaags in Amerika, Kanada, die Verenigde Koninkryk en elders. Dit is duidelik dat vryheid van spraak afgetakel word en dat die ultra-linkses probeer om

almal wat nie hulle agenda deel nie stil te maak.

Wat ons die afgelope jare sien gebeur het, is ideoloë van allerlei soorte (links, regs en godsdienstig) wat al meer radikaal en gewelddadig raak en die vraag wat baie mense vra is: "Waarom?" Waarom raak ons wêreld so gewelddadig? Waarom het nasies soos die Verenigde State so onversoenlik verdeeld geraak en waarheen lei al hierdie dinge?

## By die kantelpunt

Amerika het oënskynlik by die kantelpunt verby beweeg. Dit is gewikkel in 'n kultuuroorlog tussen twee wêreldbeskouings wat nie versoen kan word nie. Skikkings-ooreenkomste is 'n algemene refrein, maar hoe kom 'n mens ooreen oor aborsie? Die een kant beskou dit as moreel gelykstaande aan moord. Die ander sien dit as 'n vrou se keuse. Hoe stem mens ooreen oor die definisie van die huwelik? Die een kant beskou dit as 'n morele kwessie, dat die huwelik 'n goddelike instelling is wat deur God verorden is, tussen een man en een vrou. Die ander kant gee nie om nie of stem nie saam met die Bybel nie. Dieselfde geld vir transgeslagtelike probleme. Hoe kom mens tot 'n ooreenkoms met radikale Islamitiese terroriste, Nazi's, die KKK, haat-gepulde

wit suprematiste of radikale anargiste wat net wil vernietig?

Kom ons wees eerlik. Ons leef in 'n gebroke wêreld. Westerse universiteite is deur baie *bekrompe* sekulariste oorgeneem wat 'n boodskap van politieke korrektheid predik, terwyl hulle *reaksionêre onverdraagsaamheid* teenoor enigiets aanmoedig wat nie op hierdie agenda is nie. Politiek was nog altyd 'n morsige speletjie, maar partye het so verdeeld geraak dat daar nou *geen ruimte* vir kompromie is nie, selfs nie oor kwessies waaroor hulle sou kon saamstem nie. Dit is duidelik dat politiek eerste kom, *voor* die land en sy burgers. In die Verenigde State het die lede van die media elke sweempie van neutraliteit oorboord gegooi en “gaan nou vir die nekslagaar” van die party waarvan hulle nie hou nie. Dit is nogal merkwaardig hoe oneerlik en onbillik die media aan alle kante geword het.

Hier by die *Wêreld van Môre* verskaf ons nie net die nuus nie, maar die storie *agter* die nuus en daar is *werklik* 'n storie agter die nuus wat ons vandag sien. Min mense verstaan regtig vandag dat daar 'n magtige geestelike invloed is wat agter die skerm werk en haat en tweedrag aanwakker. Die Bybel verwys na hom as Satan die duiwel en hy het slim stelling ingeneem in die gedagtes van die meeste mense en hom voorgedoen as niks meer as 'n onnutsige, maar onskadelike outjie in 'n rooi oorpak met 'n vurk en 'n puntstert nie. Niks kan verder van die waarheid af wees nie.

Min mense verstaan die feit dat Satan die god van hierdie wêreld is! Tog laat Jesus ons nie in die duister oor hierdie waarheid nie. Hy het voor Sy kruisiging aan Sy dissipels gesê: “Nou is die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die **owerste van hierdie wêreld** buitentoe gedryf word” (Johannes 12:31) en “Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die **owerste van hierdie wêreld** kom en het aan My niks nie” (Johannes 14:30). Die apostel Paulus beskryf hierdie geestelike wese as die een wat verantwoordelik is vir die rigting wat hierdie wêreld inslaan en noem hom “die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efésiërs 2:2). Paulus vertel ons elders dat hierdie geestelike mag “die god van hierdie wêreld” is en dat hy mense se gedagtes “verblind” het vir die goeie nuus wat in die Skrif gevind word (2 Korinthiërs 4:4).

### Vingerafdrukke

Satan se vingerafdrukke is op al die gruweldade wat ons rondom ons sien. Hy is die een wat valse godsdiens aanvuur – met inbegrip van 'n vervalsde “Christelikheid”! Die apostel Paulus konfronteer godsdienspredikers wat 'n godsdiens verkondig wat in stryd is met God se Woord: “Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die

lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke” (2 Korinthiërs 11:13-15). Terwyl daar *baie* probleme is met hierdie wêreld se weergawe van “Christelikheid”, is rassehaat, *elke keer wanneer* dit in kerke verkondig word, nie van God nie, maar van die teenstander!

Indien Satan valse Christelikheid inspireer kan ons dan nie sy vingerafdrukke op *enige* godsdiens sien wat geweld en haat aanwakker nie? Wie plant in iemand se gedagtes die idee om in 'n motor te klim en na willekeur vroue en kinders dood te ry (nie dat dit minder tragies is om vaders, broers of eggenote dood te ry nie)? Wie is dit wat individue aanwakker om ander mense se besittings te breek, te verbrand en te vernietig as 'n vorm van afpersing om stil te maak wat 'n mens nie wil hê iemand anders moet hoor nie?

Laat ons verduidelik. Vanuit 'n Bybelse perspektief is enige vorm van haat teenoor ander mense sonde! Wetteloosheid is 'n vorm van haat en is dus sonde! Rassisme is haat en daarom sonde! Let op wat die apostel Johannes van haat sê: “Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie. Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë ver-

blind het” (1 Johannes 2:9-11).

Etniese en rassehaat verblind die oë. Mense sê en doen dinge aan ander wat hulle andersins nie sou sê en doen indien hulle deur behoorlike morele redenering gelei sou word nie. Soms is die haat rassisties van aard – ander tye is dit etnies, stamverwant of godsdienstig. Mens word herinner aan die berugte geval van die Hatfield en McCoy families in landelike Amerika in die 1800's. 'n Bitter en hewige vete het tussen een uitgebreide familie en 'n ander geheers. Dit het meer as 'n dosyn lewens geëis oor 'n tydperk langer as 25 jaar. Soos so dikwels die geval is, word vooroordeel en haat oorge-dra van een geslag na 'n ander.

In die bekende Olyfberg-profesie openbaar Jesus aan ons dat etniese struweling teen die eindtyd volop sal wees. “En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie [Grieks: *Ethnos*] sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander” (Matthéüs 24:6-7). Ons behoort ook meer sektariese geweld in ons toekoms te verwag. Die vraag is: Sal u toelaat dat u self betrokke raak in die haatgevolde gees van die tyd of sal u herken wie se vingerafdrukke voorkom op die skynheiligheid en haat en uself daarvan distansieer?

Polities korrekte, anti-god verwêreldliking is ook 'n sonde. Haat en geweld vergesel dikwels verwêreldliking. Universi-

teitsprofessore stop jong gemeedere vol van hulle *bekrompe* sienings en bewustelik of onbewustelik, word hulle beïnvloed om enigiemand stil te maak wat nie daarmee saamstem nie. Dit neem soms die vorm van vreedsame protes aan, maar soms gaan daardie protes in geweld oor. Die onluste wat in Berkeley, Kalifornië, plaasgevind het, is 'n goeie voorbeeld daarvan, maar 'n mens kan nog baie meer opnoem.

Die G20-beraad van Junie 2010 in Toronto, Kanada, het 'n aantal vreedsame betogings beleef, maar dit is deur *swartblok* betogers [faksies] bederf. *Swartblok* is 'n term wat gebruik word om gewelddadige betogers te beskryf wat swart klere dra en dikwels hulle identiteite agter klapmusse, serpe, ski-maskers en sonbrille wegsteek. Meer as 40 besighede is verwoes, maar in die nadraai daarvan was dit die *polisie* wat gekritiseer is vir hardhandige taktiek! Waaroor het hierdie individue geprotesteer? 'n Ware mengelmoes van liberale oorsake, met inbegrip van aardverwarming, armoede, kapitalisme, vroueregte – die lys gaan aan.

Swartblok taktiek was ook te sien tydens die Wêreldhandelsorganisasie se vergaderings in 1999 in Seattle, Washington. Verskeie winkels is ook tydens hierdie onluste verwoes. Dit maak nie saak waarom dit gaan nie, die vernietiging van iemand anders se eiendom is onaanvaarbaar en ons behoort hierdie

swartblok boewe te noem wat hulle is: Oproermakers. Hulle werklike agenda is om te vernietig!

### **Verwêreldliking is nie neutraal nie**

Dit is 'n fout om verwêreldliking gelyk te stel aan neutraliteit. Die idee daaragter is dat as ons net van godsdienstige vooroordeel van enige aard ontslae kan raak, ons 'n vreedsame samelewing sal kan hê. John Lennon se liedjie *Imagine* (1971) vang hierdie gees volmaak vas:

*Verbeel jou daar is geen hemel nie*

*Dit is maklik as jy probeer*

*Geen hel onder ons nie*

*Bo ons, net die lug*

*Stel jou voor al die mense wat vir vandag leef*

*Verbeel jou daar is geen lande nie*

*Dit is nie moeilik om te doen nie*

*Niks om dood te maak of voort te sterf nie*

*En ook geen godsdiens nie*

*Verbeel jou al die mense leef hul lewe in vrede ...*

Hierdie denkwyse is oppervlakkig. Sekularisme is 'n filosofie wat lynreg staan teen Bybelse waardes en God Self. Die idee dat ons 'n morele samelewing kan hê sonder 'n Opperwese om reg en verkeerd te bepaal, is op sy beste naïef en verkeerd.

Soos Dennis Prager van die gewilde Prager Universiteit se videoreeks so duidelik in een van sy video's oor die Tien Gebooe verduidelik, u mag dalk *dink* dat moord verkeerd is, maar



sonder God kan u nie weet dat moord verkeerd is nie. Sonder 'n gesag hoër as die mens, is u mening presies net dit – u mening. Omdat u dink dit is verkeerd, beteken nie dat dit verkeerd is nie. Wie het dan die gesag om gesaghebbend te sê dat dit verkeerd is? Al wat ons hoef te doen, is om terug te kyk na die vorige eeu om voorbeelde te sien van staatsondersteunde moord op miljoene Jode en ander stand mense wat deur verskeie regerings as onwaardig om te leef verklaar is.

Om dit tuis te bring: Babas word daaglik geaborteer. Ysland wil op hierdie wyse Downsindroom van die eiland af verwyder en baie mense in talle lande stem saam met hulle – dalk selfs u ook! Daar is egter ander mense wat nie daarmee saamstem nie, met inbegrip van baie ouers van Downsindroom-kinders.

Wie besluit dus? Sekularisme is 'n poging om God uit die prentjie te verwyder. Van begin tot einde, is sekularisme die teenoorgestelde van Bybelse waardes. Wie se vingerafdrukke sien ons dus in verwêreldliking?

Jesus het die volgende punt benadruk toe Hy tot Sy Hemelse Vader vir Sy dissipels gebid het: “Ek het hulle u woord gegee; en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie” (Johannes 17:14). Diegene wat waarde heg aan 'n verhouding met God, gaan nie vasgevang word in hierdie wêreld se politiek nie. Alhoewel

Hy gesag het oor die totale heelal, laat God toe dat Satan vir 'n tydperk oor die aarde heers totdat die mensdom die les geleer het dat God die beste weet.

Hierdie wêreld het nog altyd haat en geweld gesien. Kain het sy broer Abel vermoor. Die wêreld voor die sondvloed was met geweld gevul (Génesis 6:11). Die Bybel openbaar dat daar in die eerste eeu vooroordeel teen die heidene onder die Jode was. God het die vroeë Christene daarop gewys dat dit ongeoorloof is om *enige mens* as onheilig of onrein te beskou (Handelinge 10:28). Die apostel Paulus het sy mede-apostels Petrus en Barnabas aangespreek omdat hulle die heidene vermy het nadat sommige Jode van Jerusalem na Antiochië gekom het (Galásiërs 2:11-14).

Die Bybel toon duidelik dat alle mense gelyk is in die oë van God. “Want julle is almal kinders van God deur geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus bekleed. Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename” (Galásiërs 3:26-29). Dit word ook in Romeine 2:25-29 bevestig.

Die brief aan die Efésiërs hou vol dat *beide Jode en heidene* almal sondaars is

(Efésiërs 2:1-3). Die mensbedinkte skeiding in die tempel in Jerusalem wat figuurlik die heidene van toegang tot die Vader geskei het, is in Christus afgebreek (verse 14-18). Wat die heidene betref: “So is julle nou nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God” (vers 19). Dan praat Paulus van een groot gesin: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang” (Efésiërs 3:14-15).

Terwyl geweld in Charlottesville, Virginia aan die gang was, het lede wat saamgestel was uit alle etniese en rasse-agtergronde van die *Lewende Kerk van God*, wat hierdie tydskrif borg, daarna gestreef om in vrede en harmonie saam te leef, alhoewel ons glad nie daarop aanspraak maak dat ons die enigstes in hierdie saak is nie. Soos koning Dawid geskryf het: “Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broeders ook saamwoon!” (Psalm 133:1). Soos Jesus ook aan ons sê: “Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het” (Johannes 13:35).

Indien u meer wil weet oor hoe om by ons aan te sluit in hierdie gemeenskap en diens, kontak gerus een van die streekkantore wat die naaste aan u is, soos dit op bladsy 2 van hierdie tydskrif verskyn. **WvM**

# Marijuana of te wel Dagga: Wat hulle u nie vertel nie

## DEEL 1:

### Indien dit wettig is, is dit dan nie veilig nie?

*Pogings om die gebruik van dagga te wettig – vir “medisinale” sowel as ontspanningsdoeleindes – neem voortdurend toe en vind aanklank in die sale van staats- en nasionale regerings. Kanada beplan om in die middel van 2018 die eerste G7-nasie te word om dagga landwyd vir ontspanning te wettig.*

*Is daar rede tot kommer? Is die dwelm so onskuldig soos wat sy voorstanders beweer? Watter gevaar skuil daar in die gebruik van dagga?*

*Hierdie Wêreld van Môre-reeks deur Stuart Wachowicz sal in twee artikels in twee uitgawes hierdie vrae en nog meer beantwoord!*

## Stuart Wachowicz

Oor die afgelope paar jaar het talle beduidende maatskaplike veranderings die Westerse wêreld oorweldig – veranderings wat veroorsaak het dat ons huidige sosiale omgewing bykans onherkenbaar gemaak is vir diegene wat net twee of drie geslagte gelede geleef het. Hetsy veranderde maatskaplike rolle vir mans en vroue, nasionale en internasionale veiligheidskwessies, kommunikasie via sosiale media, veranderende geslagsdefiniesies of selfs die manier hoe reg en verkeerd bepaal word – so baie het verander.

In die 1960's het die eerste tekens van die maatskaplike revolusie die Westerse wêreld geskud, toe 'n jong geslag die konsepte van vrye liefde algemeen omhels het, eene oue morele waardes verwerp het en hulle al hoe meer na sinsbedriënde dwelms gewend het vir vermaak en ontvlugting. Die “hippie”-beweging van hierdie era het een antieke dwelm-middel gewild gemaak wat as dagga of hennep bekend staan. Sedert daardie tyd het die gebruik van dagga uitsonderlik toegeneem in Noord-Amerika, ten spyte van die klassifikasie

daarvan as 'n onwettige dwelm. Beide georganiseerde misdaad en plaaslike produsente het winsgewende geleenthede gesien om die dwelm aan 'n groeiende publiek te bemark. Baie groot, en dúúr pogings is aangewend om die verbod op dagga af te dwing, met beperkte sukses.

Toenemende druk vanuit voorspraakgroepe en die media het geleidelik gelei tot 'n groter openbare en dus politieke beweging om dagga te dekriminaliseer of te wettig. Die wetgewers in agt state van die Verenigde State het nou volledige wettiging goedgekeur, terwyl ander verskillende grade van wettiging goedgekeur het, saam met die verdraagsaamheid teenoor “medisinale” dagga. Kanada se liberale regering het alreeds wetgewing goedgekeur wat dagga teen 1 Julie 2018 wettig sal maak. Regerings beskou wettiging ongetwyfeld as 'n gewilde maatreeël – goed vir stemme in daaropvolgende verkiesings.

Dit lyk of daar twee beweegredes vir dekriminalisering of wettiging is. Die eerste is 'n groeiende maatskaplike oortuiging dat dagga 'n onskadelike

middel is en nie nadelig is vir die gebruiker se gesondheid of die gemeenskap se welsyn nie. Die tweede is 'n gevoel dat wets-toepassing voortdurend ontsaglike groot hulpbronne aanwend om die dagga-verbod af te dwing, wat tot weinig nut is, terwyl die dwelm se onwettige status toelaat dat georganiseerde misdaad voordeel trek uit die bemerking daarvan. Derhalwe redeneer baie mense dat indien dagga gewettig sou word, kan openbare hulpbronne elders ontplooi word, terwyl die ekonomie baat sal vind by die wins op dwelms en nie misdadigers nie.

Dit wil voorkom asof die meeste mense nou met hierdie twee standpunte saamstem. Wat kan daarmee verkeerd wees om 'n onskadelike middel te wettig en misdadigers 'n mark te ontnem? Tog is daar stemme wat dit teenstaan. Vreemd genoeg kom luide besware teen dagga-wettiging nie uit ultrakonserwatiewe of godsdienstige bewegings nie, maar van 'n menigte mediese navorsers. Die pro-dagga drukgroepe spreek hulle minagting uit oor hierdie uitsprake uit, maar bied baie min hersiene navorsing van die jonger voorstanders om die

bevindinge van sommige van die mees gerespekteerde mediese instellings op aarde teen te staan. Dus, watter groot bekommernisse het moderne mediese navorsing geïdentifiseer?

### Verlies aan motivering

Die gebruik van dagga as 'n dwelmmiddel is nie nuut nie. Vir baie eeue het die laer klasse van die Indiese subkontinent dagga op groot skaal gebruik. Daar is omvattende geskiedkundige verwysings na sulke gebruikers wat in swak toestande in dorpe, stede en landelike gebiede gewoon het. Hierdie soort mense was gewoonlik as ongemotiveerd beskou en is oor die algemeen eenkant toe geskuif.

Interessant genoeg in 2013, berig *Psychology Today*, dat 'n studie gepubliseer is deur wetenskaplikes aan die *Imperial College London* en die *King's College London* wat 'n konksie gevind het tussen die beduidende gebruik van dagga en laer dopamienvlakke in die brein. Verlaagde dopamien werk in op neuro-chemiese vlakke in die brein, verminder motivering en maak die persoon geneig tot "amotiverende sindroom" ("*Does Long-Term Cannabis Use Stifle Motivation?*" *Psychology Today*, 2 Julie 2013). Dit verklaar die slegte reputasie van die ou Indiese daggarokers. Talle kliniese waarnemings ondersteun hierdie effek van dagga op gereelde gebruikers.

Die skaal waarteen dagga gebruik word is kommerwekkend. Die Kanadese Sentrum vir Dwelmmisbruik en Verslawing (CCSA) berig: "Die aantal jeugdige (22%) en jong volwassenes (26%) wat dagga in 2013 gebruik het, was meer as twee en 'n half keer dié van volwassenes 25 en ouer (8%), volgens Statistiek Kanada se Kanadese Tabak, Alkohol en Dwelms Opname" ("*Marijuana*

*and Youth*", *ccus.ca*).

Met wettiging wat nou hangende is, neem daardie getalle toe, wat daartoe lei dat dokters 'n waarskuwing rig – een wat oënskynlik geïgnoreer word deur politieke groepe.

Die Vennootskap vir 'n Dwelmvrye Kanada het vir jare lank betroubare, wetenskaplike studies van die teenstanders voorgelê wat die gevare en maatskaplike asook ekonomiese koste van daggagebruik toon. Tog, ten spyte van gesondheidskundiges se onderskrywing van hierdie studies, bestuur maatskaplike druk die politieke agenda.

Wie is reg? Is kommer oor dagga [cannabis] ongegrond? Baie mense sal sekerlik aanneem dat indien die gebruik van dagga so wydverspreid is, dit nie baie skadelik vir die samelewing kan wees nie. Byvoorbeeld, sommige mense sal daarop wys dat, volgens die CCSA, die Kanadese jeug die meeste dagga gebruik het van enige land in die ontwikkelde wêreld, maar sonder duidelike nadele. Alhoewel, met nadere ondersoek, lyk die wetenskaplikes se waarskuwings egter meer onheilspellend.

### Verslawing

Die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging se publikasie, *Psychiatric News* het oor 'n studie berig wat in die *New England Journal of Medicine* verskyn het. Die verslag kom tot die gevolgtrekking dat "daggagebruik aan verskeie nadelige effekte gekoppel kan word, veral vir die jeug" ("*Research Review Prompts NIDA Warning About Marijuana Use*", *Psychiatric News*, 3 Julie 2014). Die leier in navorsing, dr. Nora Volkow beklemtoon dat "langtermyn daggagebruik tot verslawing kan lei ... Die gereelde gebruik van dagga tydens adolessensie is besonder kommerwekkend aangesien gebruik deur hierdie

ouderdomsgroep geassosieer word met 'n groter waarskynlikheid vir skadelike gevolge". Die skrywers verduidelik dat in 77 studies en literatuur-oorsigte, negatiewe gevolge vir die gesondheid met daggagebruik geassosieer word.

Die *Globe and Mail* het op 12 April 2017 berig dat die Kanadese Mediese Vereniging, die Kanadese Psigiatriese Vereniging en die Kanadese Kindervereniging hulle kommer uitgespreek het teenoor die Kanadese regering, maar met skynbaar min trefkrag ("*What Canada's doctors are concerned about with marijuana legalization*", *TheGlobeAndMail.com*). Hulle is veral bekommerd oor gebruikers onder die ouderdom van 25 jaar, aangesien tot op daardie stadium is die brein nog steeds besig om te ontwikkel. Professor Christina Grant van McMaster Universiteit sê: "Ons weet dat 1 uit 7 tieners wat begin dagga gebruik, *daggagebruik versteurdheid* sal ontwikkel" – 'n toestand wat die tiener se skool, werk en gesinsverhoudings vernietigend beïnvloed.

### Brein beskadiging – verminderde geheue, aandagspan en redenasievermoë

Dieselfde dokument lê bewyse voor wat 'n sterk verband toon met *psigose-ontwikkeling* by daggagebruikers met 'n familie-geskiedenis van geestesongesteldheid en wys selfs daarop dat daar geen "veilige limiet" vir daggagebruik bestaan nie. Dr. Grant gaan voort en benadruk dat navorsing ook toon dat tieners wat *dikwels* pot rook langdurige skade aan ontwikkelende breine berokken, wat gemanifesteer word in probleme soos vermindering in geheuevermoë, aandagspan en hoërgraadse besluitnemingsvermoë. Sy voeg ook by dat MRI-studies "verdunning" van die korteks van die ontwik-

kelende brein toon, 'n kritieke streek vir denke, beplanning en organisering.

Twee jaar gelede het die *Ottawa Citizen* berig oor navorsing van die Kanadese Sentrum oor Dwelmmisbruik (CCSA): "Tieners wat vroeg begin dagga rook en dit dikwels doen, loop die risiko om hulle IK-tellings te verlaag". Die artikel gaan voort om te sê:

"Die groeiende aantal bewyse van die gevolge van die gebruik van dagga tydens adollessensie gee rede tot kommer", het Amy Porath-Waller, die hoofnavorser van die CCSA oor die kwessie gesê ... "Dit is nodig dat ons 'n oomblik stilstaan en daarvoor nadink dat dit die toekoms van ons land is. Ons wil sekerlik ons jeug voorberei sodat hulle produktiewe lede van die samelewing kan wees in terme van indiensneming. Daar is dus beslis rede dat Kanada bekommerd behoort te wees oor die gebruik van dagga onder jongmense". Net so kommerwekkend, het sy gesê, is baie van die Kanadese jeug daarvan oortuig dat dagga onskadelik is en dat dit geen invloed het op hulle vermoë om te bestuur of hulle vordering op skool nie. ("*Early marijuana use can lower teen's IQ's, research shows*", *OttawaCitizen.com*, 20 April 2015).

Ironies genoeg, gaan die Kanadese regering voort om dagga te wettig, selfs terwyl die land se amptelike gesondheidsdepartement, *Health Canada*,

ernstige waarskuwings rig oor pot [dagga] se bewese mediese gevare wat deur onlangse geloofwaardige mediese navorsing gesteun word. *Health Canada* se webwerf noem 'n afname in fisiese koördinasie en reaksietyd, verlies aan aandagspan en verminderde besluitnemingsvermoë. Dit verwys na 'n studie wat in die *Proceedings of the National Academy of Sciences* gepubliseer is. ("*Persistent cannabis users show neuropsychological decline from childhood to midlife*", 2 Oktober 2012). Dit toon 'n permanente afname van IK onder volgehoue gebruikers aan. *Health Canada* dokumenteer ook die gepaardgaande risiko van die ontwikkeling van psigose of skisofrenie deur gebruikers van dagga.

Dagga se uitwerking kan selfs 'n *ongebore kind* affekteer as die moeder 'n gebruiker is. *Health Canada* sê op sy webwerf onder "*Gesondheidsgevolge van dagga*": "Die gifstowwe in dagga word deur die moeder se bloed na haar fetus oorgedra tydens swangerskap en in die borsmelk ná die geboorte. Hewige daggagebruik tydens swangerskap kan tot laer geboortegewig van die baba lei". Die regering se webwerf wys ook daarop dat sodanige gebruik deur swanger moeders al geassosieer is met langtermyn ontwikkelingsgevolge op die kinders, met inbegrip van die afname in geheuefunksie, aandagspan en probleemoplossingsvaardighede, asook hiperaktiwiteit en 'n hoër risiko dat die kind in die toekoms dwelms sal misbruik.

### **Koue statistiek, ware lewens-tragedies**

Al hierdie studies weerspieël meer as getalle en statistieke. Dit verteenwoordig hartverskeurende gevolge in die lewens van diegene wat benadeel is deur daggagebruik.

'n Tyd gelede het ek 'n brief ontvang wat die tragiese verhaal vertel van 'n lewe wat vanaf geboorte onherstelbaar deur dagga verander is. 'n Deel van die brief lui soos volg: "*Ek was wat mens 'n derde geslag daggaroker sou noem. Ek is daarin gebore ... My eerste asem wat in hierdie wêreld geneem is, was nie 'n long vol vars lug nie, maar daggarook! ... Ek kon nie leer om te lees, skryf en rekenkunde te doen teen 'n toepaslike tempo soos ander kinders van my ouderdom nie*".

Die skrywer van die brief het aangedui dat dagga hom in 'n groep laat beland het wat "*pot*" en ander dwelms gebruik het. Terwyl hy onder die invloed van dagga was, het hy begin om misdade te pleeg, aangesien die dwelm 'n mens se verantwoordelikhedsin afstomp. Teen die ouderdom van 21 het hy hom in afwagting op die doodstraf in 'n Arkansas-tronk bevind. Hy is aan verskeie moorde skuldig bevind wat onder die invloed van die "onskadelike" dwelm, dagga, gepleeg is.

Die skrywer, Kenneth Williams, het hom versoen met sy situasie en het probeer om andere te waarsku wat voorheen of steeds mislei word deur die leuen dat dagga skadeloos is. Hy het volle verantwoordelikheid vir sy misdade aanvaar, maar sy lewe en leervermoë is selfs voor sy geboorte beskadig. Hy het 'n boek geskryf om as 'n waarskuwing te dien in hierdie saak: *The Unrelenting Burdens of Gang Bangers*. Daarin het hy geskryf: "Ek deel my verhaal om ander mense wat in die duisternis wandel te waarsku. Dwelms soos dagga het baie mense na hulle dood gelei of na 'n koue tronksel. Dit is skadelik vir gebruikers en vir die nasie. Ek is 'n lewende getuie – ten minste vir die oomblik". Mnr. Williams se verhaal bevat waarskuwings soos voorheen deur die Kana-

**Vervolg op bladsy 26**

# Dit is Londen wat roep Die Balfour Deklarasie word 100 jaar oud

Deur John Meakin

Die Balfour Deklarasie van 2 November 1917 het die belangrikste oorsaak vir een van die groot keerpunte in die wêreldgeskiedenis geword – die terugkeer van die Jode na 'n nasionale tuisland ná byna 2,000 jaar van ballingskap.

Kom ons neem tyd op hierdie 100-jarige herdenking om te dink *hoe* en *waarom* hierdie baanbrekende Deklarasie tot stand gekom het en veral belangrik, uitvind hoe dit verband hou met die *vervulling van Bybelse profesie*.

Lord Arthur Balfour was minister van buitelandse sake in David Lloyd George se Britse oorlogskabinet. Albei was toegewyde Sioniste, wat die oortuigings van Chaim Weizmann, die Sioniste se belangrikste stemwerwer, weerspieël het. Balfour was daarvan oortuig dat 'n tuisland vir die Jode in die omgewing wat oor die algemeen “Palestina” genoem word, om verskeie redes wenslik is en in die beste belang sou wees van die Jode sowel as Brittanje.

## Wat dryf Sionisme?

Theodor Herzl was 'n Hongaars-Joodse joernalis wat daarvan oortuig was dat anti-Semitisme nie oorwin of genees kan word nie. Dit kan net vermy word en daarom was die enigste oplossing dat die Jode hulle eie staat het. Theodor Herzl het in

1896 sy invloedryke boek, *The State of the Jews*, gepubliseer en hy het die Wêreld Sionistiese Organisasie saam met *Chaim Weizmann* gestig wat met verloop van tyd nog meer invloedryk geraak het. Die impak van die Eerste Wêreldoorlog het grootliks die bespreking oor 'n Joodse tuisland bespoedig en meer dringendheid daaraan verleen.

In Junie 1917 vra Balfour vir Lord Walter Rothschild, wat slegs in naam die hoof van die Britse Joodse gemeenskap was, asook vir Chaim Weizmann, saam met sy Sionistiese kollegas, om die eerste konsep van so 'n Deklarasie vir die kabinet voor te berei. Dit het 'n paar maande geneem om verskeie menings in te win en 'n hele paar versigtig bewoorde konsepte saam te stel voordat 'n finale Deklarasie uitgereik en daarvolgens ooreengekom kon word. Hier is die presiese bewoording, vervat in 'n brief van Balfour aan Lord Rothschild:

Sy Majesteit se regering is ten gunste van die vestiging van 'n nasionale tuiste vir die Joodse volk in Palestina en sal hulle bes doen om dit moontlik te maak om hierdie doelwit te bereik, terwyl dit

duidelik verstaan word dat niks gedoen sal word wat die burgerlike en godsdienstige regte van bestaande nie-Joodse gemeenskappe in Palestina mag benadeel nie, ook nie die regte en politieke status wat deur Jode geniet word in enige ander land nie.

Ongelukkig het die Deklarasie nie die *politieke regte* van bestaande (Arabiese) gemeenskappe in die gebied aangespreek nie – 'n noodlottige versuim wat sou bydra tot dekades van intense konflik in die Midde-Ooste, wat tot vandag toe nog voortduur. Die soeke na blywende vrede gaan voort. Die plaaslike bevolking van die Heilige Landstreek is nooit oor enige van die konsepte geraadpleeg nie; destyds was “Palestina” skaars as 'n afsonderlike entiteit onderskeibaar en het hoofsaaklik uit 'n ylbevolkte en verwaarloosde gebied van laer Sirië bestaan.

Reaksie op die Deklarasie was onvermydelik met gemengde gevoelens, maar dit het sterk Britse, Amerikaanse en Franse steun geniet. Die reaksie uit die Midde-Ooste was aanvanklik gedemp. Op 'n stadium het dit gelyk asof

Brittanje, vasgevang tussen botsende politieke noodsaaklikhede, die Arabiere se kant kies wie gestreef het na hulle eie tuisland in dieselfde gebied, in ruil daarvoor om die Otto-maanse Turke teen te staan. Die verhoog was voorberei vir 'n groot botsing van belange. Woedende opposisie het onverbiddelik opgebou namate Arabiese nasionalisme vinnig ontwikkel het naas 'n ontluikende Joodse nasionalisme.

Die 1920 San Remo Konferensie in Italië en die 1922 ooreenkoms van die Volkerbond het die konsep bevestig van 'n Britse mandaat om "Palestina" vanaf September 1923 te regeer in ooreenstemming met die Balfour Deklarasie. Hierdie mandaat het tot 14 Mei 1948 geduur toe die skepping van die staat Israel geproklameer is waarin die belangrikheid van die Balfour Deklarasie op daardie tydstip erken is en Chaim Weizmann as die eerste president van Israel aangestel is.

Dit is redelik onbekend dat Amerika sy eie weergawe van die Balfour Deklarasie in September 1922 saamgestel het, genaamd die *Palestine Lodge-Fish Resolution*. Dit het baie soortgelyke bewoording as Balfour gebruik, maar het die sinsnede ingesluit "... en dat die heilige plekke en godsdienstige geboue en plekke in Palestina voldoende beskerm sal word" (sien byvoorbeeld *The American Balfour Declaration* deur Paul Azous).

### Israel en Bybelprofesie

Een belangrike element ter ondersteuning van die Balfour Deklarasie het gekom van wat genoem word *Christelike Sionisme* – diegene wat glo dat daar voorspel is dat die Jode voor die Wederkoms van Jesus Christus na die Heilige Land sal terugkeer en dat 'n Joodse terugkeer na die land van Israel ondersteun behoort te word as 'n manier om sulke profesieë te vervul. Hierdie denkwyse kom oorspronklik van die Protestantse Hervorming. Die Bybelse waarheid is egter dat die Jode wat na die Heilige Land sal terugkeer, op 'n baie groot-skaalse wyse sal plaasvind.

God het dit baie duidelik gemaak aan die twaalf stamme van Israel dat indien hulle aan die bepalings van Sy verbond in Sinai ongehoorsaam sou wees, hulle almal van die beloofde land verwyder sou word (sien Deuteronomium 28:58-64; 29:24-28). Oor die eeue heen is dit wel wat gebeur het.

God is altyd getrou! Sy getrouheid sal uitbrei na al twaalf stamme van Israel, nie net na die twee, Juda en Benjamin (en hulle deel van die Leviete) wat deur die Jode verteenwoordig word nie. Hy het beloof dat al twaalf stamme wat oor die wêreld verstrooi is, na hulle lande sal terugkeer en weer saamgestel sal word as een enkele volk onder God en dat aan hulle 'n gehoorsame hart gegee sal word om selfs groter seëninge as voorheen te ontvang (sien byvoorbeeld Deuteronomium 30:1-5; Jeremia 31:31-34). Die vervulling

van hierdie profesieë is nog in die toekoms en hou verband met Christus se Wederkoms (sien ook Eségiël 37:15-28).

Ondersteun die Bybel dus die idee van 'n Joodse terugkeer na die Heilige Land voor die Wederkoms van Jesus Christus? In die beroemde Olyfbergprofesie van Mattheüs 24, wat tydsgewys *net voor* Christus se Wederkoms sal plaasvind (vers 3), is daar 'n raaiselagtige verwysing na "die *'gruwel van die verwoesting'* waarvan gesprek is deur die profeet Daniël" (vers 15). Daniël skryf op twee plekke van 'n *gruwel van die verwoesting* (Daniël 11:29-32; 12:7-13) wat verband hou met die beëindiging van die daaglikse offerande.

Vir dit om vandag te gebeur, moet eers met die daaglikse offers *begin* word! Wie gaan met sulke offers begin? Heel waarskynlik is dit dieselfde mense wie se historiese werk dit was om dit uit te voer – die Levitiese priesters wat in die Huis van Juda gevind kan word en waarvan sommige nou teruggekeer het na hulle eie nasie.

Dit is maar een van die invloedrykste gebeure wat eendag die vinnige vervulling van eindtydse profesieë sal aandui, wat die einde van hierdie wêreld en die begin van 'n beter wêreld onder die verheerlikte Jesus Christus sal inlui. Indien u meer hieroor wil weet, bestel gerus 'n eksemplaar van ons fassinerende en gedetailleerde gratis boekie *Die Midde-Ooste in Profesie*, wat ook op ons webwerf beskikbaar is. **W&M**

# Vrae & Antwoorde

## Wat is 'n "antichris"?

**VRAAG:** Wat het die Apostel Johannes bedoel toe hy gewaarsku het dat "baie antichriste gekom het"? Wat is 'n antichris?

**ANTWOORD:** Om die term "*antichris*" te verstaan – wat slegs in 1 Johannes en 2 Johannes gevind word – is dit nuttig om die Skrifte wat die term gebruik te ondersoek. Die uitdrukking "baie antichriste" kom voor in 1 Johannes 2:18: "Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is."

Die woord *antichris* in hierdie vers beteken "teen Christus" of "in plaas van Christus" of verwys na 'n valse Christus wat die ware Christus "teenstaan" (*Vine's Expository Dictionary*). Die apostel Johannes het gewaarsku dat baie teenstanders van die ware Christus en Sy boodskap reeds gekom het. Sommige van hulle het in God se ware Kerk ingesypel. Johannes gaan voort: "Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie" (vers 19). Johannes gaan voort om dit met meer besonderhede te bevestig.

### 'n Bedrieër en 'n antichris

Let op wat Johannes in die volgende sendbrief skryf: "Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris" (2 Johannes 7). Hier beskryf Johannes 'n antichris as 'n *bedrieër* (*verleier*). Tydens die apostel se bediening het 'n abnormale groei van valse leerstellings ontstaan. Een sodanige misleiding behels die Gnostiese *ontkenning* dat Jesus Christus in die vlees gekom het as die eniggebore Seun van God. Die Gnostiese kettery het tot die gevolgtrekking gekom dat dit net *gelyk het* of Christus die menslike vorm aangeneem het (*New Testament Introduction*, deur Donald Guthrie, bl. 870). Gnostiese leraars was dus een van die baie antichriste wat Christus se koms in die vlees as die geïnkarnearde Seun van God verwerp het. Die gevolge van hierdie soort leerstellings is dat dit Christus se offer afwater en sonde nie na behore omskryf nie. Dit verander genade in

ongebondenheid om te sondig (Judas: 4). Johannes het sy brief geskryf om hierdie valse idees te bekamp en om God se mense in die waarheid te versterk. Let daarop dat die Engelse *NKJV* hierdie vers weergee as sou Johannes geskryf het dat hierdie *bedrieër* ontken dat Christus "nou *in* die vlees *kom*" [*as coming in the flesh*]. Die toevallige leser van die Afrikaanse weergawe sal dit verstaan in die sin van Christus se eerste koms in die vlees, maar daar is 'n bykomende betekenis.

*Williams se Nuwe-Testamentiese Vertaling* maak hierdie vers duidelik deur dit weer te gee as "*continues to come* in the flesh [gaan voort om in die vlees te kom]". Jesus Christus het met ander woorde, nie net in die vlees gekom om die volmaakte offer vir sonde te word nie, maar hy **gaan voort** om in die vlees van Christene te kom deur Sy lewe in ons te leef. Ons lees: "En hy wat sy geboorte bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly, aan die Gees wat Hy ons gegee het" (1 Johannes 3:24). Jesus Christus bly of leef in ons deur Sy Heilige Gees (Galásiërs 2:20). Hy het gesê: "As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak" (Johannes 14:23).

### Die gees van wetteloosheid

In skrilte kontras hiermee bely die gees van die antichris nie "dat Jesus Christus in die vlees gekom het" nie (1 Johannes 4:2-3). Hierdie leuengees ontken die realiteit van Christus se eerste koms en die wonderlike waarheid dat deur die Heilige Gees, Jesus Christus Sy lewe in ons kan leef – dieselfde lewe wat Hy geleef het toe Hy op aarde was – 'n lewe van gehoorsaamheid aan die Wet van God! Daarom is 'n antichris iemand wat teen Christus is – teen Sy Wet en teen Sy lewenswyse. Hierdie gees van antichris of wetteloosheid, wat so algemeen is vandag, was alreeds in die apostel Paulus se tyd wydverspreid: "Want die verborgenheid van die ongeregtheid [wetteloosheid] is al aan die werk" (2 Thessalonicense 2:7). Vir meer inligting, kan u gerus ons gratis boekie, *Wie of Wat is die Antichris?*, aanvra. [WWW](#)

# Die werke

## Kan ons 'n nuwe Aarde skep?

Die Bybel vertel aan ons dat, voordat die mens geskape is, ons planeet “woes en leeg” was – 'n geheel en al verwoeste en onbewoonbare wildernis (Génesis 1:2). Tog het God dit herstel en dit in slegs ses dae 'n pragtige paradys vol lewe vir die mensdom gemaak. Hy het toe verklaar dat alles wat Hy geskep het, “baie goed” is (Génesis 1:31) en het gerus van Sy skeppende werk op die sewende dag – Sy werk was voltooi.

Baie wetenskaplikes ondersoek toenemend al hoe meer die moontlikheid of die mens dieselfde prestasie kan behaal: Om 'n lewlose, woeste planeet te neem en dit te *herontwerp* en te transformeer om dit soos die Aarde mooi te maak, geskik vir lewe en vir die mensdom. Hierdie idee word *terravorming* genoem.

Sou ons die werke van God se hande kon namaak deur met ons eie hande te werk? Wanneer ons dink aan die reusagtige aard van terravorming – die opknapping van 'n hele planeet om in wese 'n ander Aarde te skep – wat sou so 'n projek van ons verg? Sal ons ooit daarin kan slaag?

Mars word deur baie wetenskaplikes as die gewildste kandidaat vir terravorming beskou, as gevolg van sy ooreenkomste met die Aarde en sy relatiewe nabyheid. Baie wetenskaplikes glo dat Mars –

tans 'n steriele, koue, lewlose planeet – eens op 'n tyd warmer, met vloeibare water op sy oppervlak. Die feit dat dit in die verlede 'n vriendeliker omgewing kon gewees het, gee sommige mense hoop dat dit in die toekoms 'n nuwe Aarde vir die mensdom sal kan wees.

Mars bied egter ontsaglike uitdagings! Soos hierdie rubriek in 'n vorige uitgawe genoem het (“Oos, Wes, Lieflike (Kosmiese) Tuis Bes”!), Maart-April 2017, kan die temperatuur op Mars tot laer as 100° F (-73° C) daal en die atmosfeer is giftig vir mense en uitsonderlik dun. Terwyl water in 'n bevrore vorm onder sy oppervlak as ysgrond bestaan, is vloeibare water skaars of dit bestaan glad nie.

### Verandering van Mars in 'n “Tweede Aarde”

Wanneer ons van terravorming van Mars praat, is die twee toestande wat baie wetenskaplikes voorstel om eerste aan te spreek, die dun atmosfeer en die koue temperatuur, aangesien hulle mekaar beïnvloed.

Om dit aan te spreek, het Christopher P. McKay van die NASA Ames Navorsing Sentrum en Ruimte-ingenieur Robert Zubrin 'n verskeidenheid metodes voorgestel. Dit word in hulle referaat, *Tegnologiese Vereistes vir Terravorming van Mars* beskryf wat gepubliseer is in die Amerikaanse Instituut vir

Lugvaartkunde en Astronautika in 1993, maar wat steeds vandag gewild is.

Een benadering sou wees om van groot spieëls wat meer as 60 myl (100 km) in deursnee is, gebruik te maak deur dit in 'n wentelbaan bokant Mars te plaas. Dit kan dan ekstra sonlig op die planeet weerkaats en die pool ys smelt. Die doel sou wees om die vasgevangene koolstofdoksied daar en elders op Mars se oppervlak, vry te stel om 'n voortdurende “kweekhuiseffek” aan die gang te hou wat die planeet oor 'n tydperk toenemend sou verhit. Namate die hoeveelheid koolstofdoksied in die lug rondom Mars al hoe meer gekonsentreerd raak, sou die atmosfeer verdik en die temperatuur sou styg – wat meer koolstofdoksied sou vrystel en die siklus dan sal laat voortduur totdat die verlangde toestand bereik is.

Bykomende idees behels die uitsoek van massiewe asteroïdes met nuttige chemiese samestellings om die Mars se atmosfeer te verander en vuurpyle te gebruik om hulle in 'n botsingsbaan met Mars se oppervlak te stuur, ten einde hulle chemikalieë in die atmosfeer te versprei. Die mees praktiese wyse, volgens McKay en Zubrin se skatting, sou eenvoudig wees om kragtige masjiene te maak wat op Mars se oppervlak kon bly en voort-



# van Sy hande

durend kweekhuisgasse kon laat uitkolk vanuit materiaal wat op Mars se oppervlakte is.

Terravormering sal 'n lang proses wees. Dit word beraam dat, na 'n eeu van sulke pogings, Mars warmer en minder droog behoort te wees en 'n digter atmosfeer sal hê, maar dit sal nog steeds nie naastenby soos die Aarde wees nie, met geen inasembare *suurstof* nie. Om daardie probleem op te los, stel terravorm-navorsers voor dat plante in die Mars-omgewing ingevoer word – God se eie suurstofopwekkers!

Die plante – waarskynlik net alge in die begin – sal aanvanklik die gekonsentreerde koolstofdioksied verbruik en suurstof vrystel, net soos wat hulle dit op Aarde doen. Dit sal egter 'n stadige proses wees. Vroeg in 2014 het wetenskaplikes berig dat korsmos uit die Noordpool 'n vermoë getoon het om te oorleef en te groei in toestande wat soortgelyk is aan dié van Mars, solank dit effens beskerm word teen bestraling (*"Lichen on Mars"*, *Phys.org*, 17 Januarie 2014). Wetenskaplikes glo dat hulle moontlik plante geneties sal kan manipuleer sodat hulle nog beter sal kan doen.

## Hoe realisties is sulke plante?

Selfs al sou die mensdom die intelligensie, wysheid en vaardigheid kon inspan om hierdie doelwitte te bereik, sou u dwaas wees om u huis te

verkoop en te beplan om sommer nou al te trek. 'n Meer onlangse artikel deur Christopher McKay en Margarita Marinova reken dat dit minstens 100,000 jaar sal duur voordat Mars omskep sal kan word om 'n planeet met 'n asemhaalbare atmosfeer te wees, laat staan nog 'n pragtige Aard-agtige tuiste vir die mensdom (*"The Physics, Biology, and Environmental Ethics of Making Mars Habitable"*, *Astrobiology*, Vol. 1, nr 1, 2001). Eenduisend eeue is verseker ver van God se ses dae!

Daarbenewens is daar *baie* ander bekommernisse wat die droom om Mars te omskep in 'n Aarde-agtige tuiste vir die mensdom, meer na 'n fantasie laat lyk. Mars het byvoorbeeld geen planeetwye magnetiese veld wat sy nuwe inwoners teen kosmiese strale sal kan beskerm soos wat die Aarde het nie. Dit sal ook die kosmiese wind verhoed om stadig die nuwe atmosfeer van Mars die ruimte in te waai. Daarsonder sal Mars uiteindelik weer word soos dit nou is.

Om eerlik te wees, sou ons dwaas wees as ons nie daaraan dink dat ons nog nie eers geleer het hoe om suksesvol op ons eie planeet te leef nie. Terwyl God die mens as 'n bewaker van die Aarde gemaak het en dit onder sy sorg geplaas het (Génesis 1:28; 2:15), het ons Sy wysheid met ons eie vervang. Die gevolg is dikwels besoedeling, agter-

uitgang van die omgewing en vermorsde hulpbronne. Terwyl ons nie eers weet hoe om op Aarde – die enigste planeet wat ons ooit geken het – te leef nie, wat laat ons dink dat ons slim genoeg is om 'n *ander* planeet fyn in te stel om dit vir ons bruikbaar te maak?

## Hoe terravorming betrekking het op ons uiteindelijke lotsbestemming

Die feit dat dit die mensdom ten minste 100,000 jaar sal neem om te dupliseer wat die Almagtige in ses dae gedoen het (en selfs dan, nét as ons “bedrog pleeg” en materiaal en lewensvorme invoer wat Hy elders geskep het!) is 'n bewys van Sy mag, intelligensie en majesteit. Die probleem om 'n “ander Aarde” te skep, behoort te maak dat ons die *huidige* Aarde wat Hy reeds aan ons gegee het, meer te waardeer.

Die ongelooflike waarheid is egter dat die mensdom 'n eindbestemming het wat terravorming behels – nie volgens die mens se manier nie, maar God s'n!

Vir diegene wat bereid is om God Sy eie karakter en die denke van Jesus Christus binne-in hulle te laat ontwikkel (Filipense 2:5), wag 'n eindbestemming as verheerlikte lede van Sy Eie goddelike gesin! Hy beplan om aan hulle “alle dinge” te gee (Hebreërs 2:8) as hulle erfenis – die ganse heela! Terwyl die kosmos tans verlate en leweloos

mag voorkom, sê die apostel Paulus dat daar 'n dag kom wanneer “die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlik-

heid van die kinders van God” (Romeine 8:21).

Daar is 'n ganse heelal anderkant Mars wat vir *u* wag! Wil u een van die kinders van God wees wat lewe en vryheid

sal bring aan die hele skepping? God se eie planne vir die werke van Sy hande oorskadu selfs ons mees ambisieuse drome.

—Wallace G. Smith

## Vervolg vanaf bladsy 20 – Dagga: Wat hulle u nie vertel nie

dese Mediese Vereniging en soos ons gesien het, selfs deur die Kanadese regering se eie webwerf. Hy is op 28 April 2017 terreggestel.

### Long- en hartskade

In 'n 2015-verslag met die titel “*Marijuana*”, het die Vennootskap vir 'n Dwelmvrye Kanada opgemerk dat selfs wanneer mens die gevare van die sinsbedrieënde bestanddeel (*tetrahydrocannabinol* of THC) ignoreer, is die rook van dagga nog steeds baie skadelik vir menslike gesondheid: “Ongeag die THC-inhoud is die hoeveelheid teer wat deur daggarokers ingeasem word en die vlak van koolmonoksied wat geabsorbeer word, *drie tot vyf keer hoër* as onder tabakrokers”.

Ons kan by hierdie feite voeg dat dagga se hoër ontbranding-temperatuur, gekombineer met sy rookmetode, verhoogde verlies aan trilhaartjies in die longe veroorsaak, wat lei tot toenames in lewensgevaarlike emfiseem. (Sien, byvoorbeeld, Megan Howden en Matthew Naughton se verslag, “*Pulmonary Effects of Marijuana Inhalation*”, op *Medscape.com*).

Dit is interessant dat die Kanadese Kankervereniging vir jare veldtogte teen die rook van tabak gehad het en wydverspreide openbare steun verwerf het – nogtans lyk dit of baie mense wat self verstandige tabakgebruik teengestaan het, dikwels onverskillig staan teenoor die bevindings dat dagga baie skadeliker vir die menslike long is.

Die hart is ook nie immuun nie. Dr. Andrew Pipe, geneesheer en navorser wie se werke wyd gepubliseer is en die wetenskaplike dr. Robert Reid, van die Ottawa Hartinstituut se Afdeling vir Voorkoming en Rehabilitasie, het ernstige kommer uitgespreek oor die voortgesette of toenemende gebruik van dagga deur die algemene publiek. Die aanlyn hart- en kardiovaskulêre navorsingspublikasie, *The Beat*, het in Junie 2017 'n berig geplaas oor hulle bevindings wat in die *New England Journal of Medicine* (2014) en die *American Heart Journal* (2013) gepubliseer is:

Die skrywers het bevind dat daggagebruik verbind word met vaskulêre toestande wat die risiko van hartaanvalle en beroerte verhoog, alhoewel die meganismes waardeur dit gebeur nie duidelik is nie ....

[Dr. Reid] het ook opgemerk dat dagga-gebruik problematies kan wees vir mense met 'n onreëlmatige hartklop of aritmie want dit aktiveer die simpatiese senuweestelsel (“*Legalized Marijuana and Your Heart*”, *The Beat*, Junie 2017).


Die artikel beklemtoon twee uitwerkings op u hart wanneer u dagga gebruik: Die hartklop versnel, bloeddruk verhoog en die bloed se vermoë om suurstof

van u longe af na die res van u liggaam te vervoer, word verminder. Dit som die kumulatiewe kardiovaskulêre las op deur te sê: “Die resultaat is dat u hart harder moet werk en 'n verminderde vermoë het om verhoogde eise te hanteer”.

### Blaas die rook weg en sien die waarheid!

Soos die gesegde lui, mense is geregtig op hulle eie opinie, maar nie hul eie feite nie. Die feite oor die gevare van dagga vir menslike gesondheid en welsyn – of dit gewettig is of nie – is al te duidelik. Vir diegene wat die Bybel se vermaning – om hulle liggame wat na Sy eie beeld geskape is te versorg (Génesis 1:26-27), as die tempel van God (1 Korinthiërs 6:19) – ernstig wil opneem, behoort hulle antwoord net so duidelik te wees: “Wettig of nie, dit is nie vir my nie”!

Afgesien van die vrae van geestelike en fisiese gesondheid, word ander fasette van die debat gehoor in die howe van ons onderskeie wetgewers en van die dosente in ons akademiese instellings: Wat van die moontlikheid om misdadig en dwelmgebruik in die algemeen te verminder deur dagga te wet-tig? Wat van die sogenaamde voordele van “medisinale dagga”? Met teleurstelling, die vraag wat te min mense vra – wat dink God hiervan?

Vir antwoorde op hierdie vrae, kyk in die volgende uitgawe van die *Wêreld van Môre* vir die gevolgtrekking in die tweede deel van ons verslag! 

## Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

kort gebod. Al hierdie pyn kon vermy gewees het indien individue ywerig hierdie gebod gehoorsaam het. Hoeveel individue moet eers seerkry deur die oortreding daarvan voordat ons dié punt verstaan? Verbreking van hierdie gebod maak almal seer en benadeel almal wat betrokke is – veral kinders. Die doel van die gebod is om ons te laat beseef dat dit nie saak maak hoe verleidelik die versoeking mag lyk nie, maar die gevolge van toegee aan daardie versoeking sal nie goed wees nie. Oortreding van so 'n wet is 'n verskriklike slegte besluit.

Die gebooie is bedoel om ons te help om goeie besluite te neem, maar alles gaan nie net oor “my” nie. Dit vorm die grondslag van enige eensgesinde samelewing. Oortreding daarvan skep verwarring en meningsverskille. Slegs deur liefde en samewerking kan ons almal gelukkig wees. Die eerste vier van die Tien Gebooie leer ons hoe om ons Skepper te respekteer en dit is waar dit alles begin. Afgesien van God, het geen individuele, burgerlike of kollektiewe menslike gesag die vermoë om 'n gedragskode te skep wat suksesvolle harmonie aan die samelewing sal bring nie. Al wat ons behoort te doen is om rond te kyk om die realiteit hiervan te beseef. Terwyl u al hierdie Gebooie onderhou, mag u naaste dalk slegs nege of glad niks daarvan, onderhou nie. Burgerlike owerhede dwing reëls af, maar is enigeen van ons heeltal tevrede met die werk wat hulle doen? Hierdie reëls wissel van jurisdiksie tot jurisdiksie, asook die afdwinging daarvan.

Die laaste ses Gebooie gee ons die grondslag van hoe om ons naaste lief te hê. Hierdie tweeledige verdeling – liefde teenoor God en liefde teenoor ons medemens word in Matthéüs 22:37-40 gevind.

### Ons benodig die *hele* Boek

Waarom dan nie net die Tien Gebooie hê en dit daar laat nie? Waarom die res van die Bybel?

Hierdie merkwaardige boek openbaar hoe om hierdie Gebooie toe te pas en wat die

algehele doel vir die mens is. Die Bybel verduidelik ook die gevolge van oortreding van die Gebooie en leer ons dus op 'n beter manier as wat ondervinding ons kan leer.

Die Spreuke in die Bybel is bedoel om kennis, begrip en wysheid te gee (Spreuke 1:2-6). Dit is veral op die jeug gerig wat onervare in die lewe is en is bedoel om hulle te wys hoe om pynlike ervarings te vermy. Hulle erken dat versoeking 'n probleem is. Hulle gaan dan egter voort om te verduidelik wat die gevolge is van om toe te gee daaraan. (Spreuke 5:1-14).

Onderrig is beskikbaar, maar as leerder moet ons daardie onderrig aanvaar en dit ons eie maak. Die probleem is nie met die leermeester nie, maar met die leerder! Om te luister na die instruksies van iemand wat wyser en meer kundig is, is die beste leermeester en op hierdie manier kan ondervinding 'n goeie leermeester wees.

Groot dele van die Bybel is geskiedkundig van aard en openbaar die gevolge daarvan om die weg te volg wat vir 'n mens reg lyk, maar die eindresultaat van om te doen wat net reg lyk, in teenstelling met God se aanwysing, is die dood (Spreuke 14:12). Sommige mense maak beswaar teen die geweld wat in sommige verhale in die Bybel voorkom, soos in die boek Rigters. Hierdie boek boekstaaf wat gebeur het toe die volk van Israel God verwerp het en die weg van die nasies rondom hulle gevolg het. Daardie praktyke moes vir hulle baie aantreklik gewees het, maar die gevolge was rampspoedig en pynlik.

Hierdie Bybelse geskiedkundige verhale leer ons deur die ondervindings van ander mense, hoe om wyse besluite te neem. Hulle pyn, hartseer en lyding hoef nie ons s'n te wees nie, indien ons die lesse wat tot ons eie voordeel opgeteken is sal bestudeer, dit ons eie maak en in ons eie lewens toepas. Soos dit vir ons in 1 Korinthiërs 10:11 vertel word: “Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie

Onthou asseblief om in te skakel op  
***Tomorrow's World*** TV-program van  
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,  
**kanaal 263** op DStv.

die eindes van die eeue gekom het”.

*Om na die Een te luister wat ons geskape het, is die beste manier om te leer. Om te leer uit die voorbeelde van andere, om te leer uit hulle pynlike ondervindings, is ook 'n goeie leermeester. Alhoewel dit beter is om uit eie ondervinding te leer, is dit nie altyd die beste nie! Om meer te leer van die lewenswyse wat God vir*

u aanbied – 'n baie minder pynlike lewe – kan u ons boekie met die titel *Die Tien Gebooe*, aanvra. Hierdie hulpbron toon in besonderhede wat God se bedoeling vir die mens is en waarom **al tien** van Sy Gebooe bewaar moet word.



## **Wêreld van Môre**

# **Bybelstudiekursus**

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
 Privaatsak X 3016  
 Harrismith, FS  
 9880**

**of skakel : 058 622 1424  
 en meld dat u navraag doen  
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**